# Die mens as opsigter en rentmeester van die skepping: ’n Christelik-gereformeerde ekologiese beskouing


**AJM van Dyke-Geyser**

**12672491**

**orcid.org/0000-0002-9717-4562**


Verhandeling aanvaar ter nakoming vir die graad *Magister Theologiae* in *Dogmatiek* aan die Noordwes Universiteit

Studieleier: Dr Manitza Kotzé

Gradeplegtigheid: Mei 2021
Studentenommer: 12672491

# ERKENNING

"Die wat hulle hoop op die Here stel, sal hulle krag terugkry. Hulle vlieg hoog soos arende."

(Jesaja 40:31)

Hierdie Bybelvers het my gedra tydens swaar tye in my lewe. Dit is met groot dankbaarheid en genade wat ek vir ons Drie-Enige God dankie sê vir die voorreg om hierdie studie te kon voltooi. Ek dra dit op aan my Here!

Ek eer hiermee die nalatenskap van my ouers, wat die leergierigheid en akademiese ingesteldheid by ons kinders gekweek en oorgedra het. Om in my dogters, Christine en Cleary, se voetspore te loop was vir my waardevol, aangesien hulle voorbeelde is van deursettingsvermoë en akademiese prestasies. Hulle liefde en ondersteuning is altyd my kragbron. Die waarde wat die studie tot my menswees gevoeg het, is belangrik en die feit dat ek my passie so kon uitleef het, het my laat groei en ontwikkel.

Ek wil my dank uitspreek aan die dosente van die Teologiese Fakulteit en veral aan my studieleier, Dr M Kotzé, wat my gelei en gehelp het.

Dankie vir my eggenoot, Phillip, vir sy liefde en ondersteuning, en sy opoffering sodat ek my studie kon voltooi.

# VERKLARING

Hiermee verklaar ek dat ‘Die mens as opsigter en rentmeester van die skepping: ‘n Christelik-gereformeerde ekologiese beskouing’ my eie oorspronklike werk is en dat al die bronne waarvan ek gebruik gemaak het aangedui en erken is. Geen gedeelte van hierdie werk is vroeër ingehandig vir ’n ander graad by ’n ander instansie nie.



2/11/2020

A van Dyke-Geyser

Datum

# OPSOMMING

Die Handves vir Menseregte deur die Verenigde Nasies is as ‘n universele verklaring aangeneem op 10 Desember 1948 in Parys. Dit fokus onder andere op die regte van die volgende generasie, wat die regte van skoon lug, water, ’n omgewing vry van besoedeling, en die waardering vir ‘n omgewing vol biodiversiteit behels. Ons handelinge en aksies van vandag bepaal die toekoms vir toekomstige generasies. Daarom moet die integriteit, kosbaarheid, en waarde van die skepping verstaan word en die regte van lewe, bykomend tot die regte van die mens, met dieselfde mag en gesag toegepas en gehandhaaf word. Elke mense moet besef dat alle wesens waarde het, en dat die mens deel is van die skepping en nie apart funksioneer nie. Christene moet die voorbeeld stel waar die mens as versorgers optree.

Die doel van hierdie studie is om ‘n balans te probeer skep en aan te dui dat die mens nie in ‘n oppergesag hoedanigheid heers nie, en dat die gees en wese van die mens verweef is met God se skepping. Die rol van die mens en die mens se siening van hom- of haarself in die skepping moet verander! In hierdie studie wil ek die rolle van opsigters en heersers in ‘n rigting van harmonie plaas. As Christene het ons ‘n verantwoordelikheid teenoor God se skepping. Die eskatologiese toekoms van die mens en die skepping is verweef. Die mens as kroon van die skepping, bevestig ons spesiale verworwe eienskappe, wat ons wel anders as diere maak, maar dit maak ons nie verhewe bo die skepping nie.

**Sleutelwoorde:** Ekologiese krisis, skeppingsopdrag, antropologie, ontologie, rentmeesterskap, opsigterskap, heerskappy, Goddelike eienaarskap.

# ABSTRACT

The United Nations Charter of Human Rights was adopted as a universal declaration on 10 December 1948 in Paris. Among other things, it focuses on the rights of the next generation, which includes the rights to clean air, water, an environment free from pollution, and the appreciation for an environment full of biodiversity. Our actions today determine the future for future generations. Therefore, the integrity, preciousness, and value of creation must be understood and the rights of life, in addition to the rights of humanity, applied and maintained with the same power and authority. Every human being must realize that all beings have value, and that humanity is part of creation and do not function separately. Christians must set the example where human beings act as caregivers.

The purpose of this study is to try and create a balance and indicates that humanity does not rule in a supreme authority, and that the spirit and essence of human beings are intertwined with God's creation. The role of humanity and human beings's view of ourselves in creation must change! In this study I want to place the roles of caretakers and rulers in a direction of harmony. As Christians, we have a responsibility to God's creation. The eschatological future of humanity and creation is intertwined. Humanity as the crown of creation, confirms special acquired qualities, which make us different from animals, but it does not place us in an exalted position above the rest of creation.



**Keywords:** Ecological crisis, creation command, anthropology, ontology, stewardship, supervision, rule, Godly ownership.

# AFKORTINGS

CNN – Kabel Nuus Netwerk ("Cable News Network")
MERS – Midde-Oosterse Respiratoriese Sindroom ("Middle East Respiratory Syndrome")
SARS – Ernstige Akkute Respiratoriese Sindroom (Severe Acute Respiratory Syndrome")
WEF – Wêreld Ekonomiese Forum
WRK – Wêreldraad van Kerke
IPBES – Global assessment report on biodiversity and ecosystem services
VN – Verenigde Nasies

**Afkortings van Bybelboeke**

Gen – Genesis
Eks – Eksodus
Lev – Levitikus
Num – Numeri
Deut – Deuteronomium
Rig – Rigters
1 & 2 Sam – Samuel
1 & 2 Kon – Konings
Neh – Nehemia
Job - Job
Ps – Psalms
Spr - Spreuke
Pred – Prediker
Jer – Jeremia
Jes – Jesaja
Eseg – Esegiel
Hos – Hosea
Am – Amos
Ob – Obadja
Jona - Jona
Sef - Sefanja

Sag – Sagaria

Matt – Mattheus

Luk – Lukas

Joh – Johannes

Hand – Handelinge

Rom – Romeine

1 & 2 Kor – Korintiërs

Ef – Efesiërs

Fil – Filippense

Kol – Kolossense

1 & 2 Tess – Tessalonisense

1 & 2 Tim – Timoteus

Heb – Hebreërs

1 & 2 Pet – Petrus

1 & 2 Joh – Johannes

Op – Openbaring

# INHOUDSOPGAWE


**ERKENNING** .......... I

**VERKLARING** .......... II

**OPSOMMING** .......... III

**ABSTRACT** .......... IV

**AFKORTINGS** .......... V

**INHOUDSOPGAWE** .......... VII

**HOOFSTUK 1** .......... 1

**INLEIDING** .......... 1

1.1 Agtergrond .......... 1

1.1.1 Die mens as opsigters oor die skepping .......... 3

1.1.2 Heerskappy oor die skepping .......... 5

1.1.3 Christelike Ekologiese etiek .......... 9

1.2 Probleemstelling .......... 12

1.3 Navorsingsvraag .......... 13

1.3.1 Oorkoepelende navorsingsvraag .......... 13

1.3.2 Onderafdelings uit navorsingsvraag .......... 13

1.4 Navorsingsdoelwit .......... 13

1.4.1 Sentrale navorsingsdoelstellings .......... 14

1.4.2 Navorsingsimpak en kontrasterende menings ... 14

1.5 Sentraal teoretiese argument ... 15

1.6 Navorsingsmetodologie ... 16

1.7 Etiese oorwegings ... 16

1.8 Skematiese voorstelling ... 17

**HOOFSTUK 2 ... 19**

**DIE MENS AS DIE HEERSERS OOR DIE SKEPPING ... 19**

2.1 Inleiding ... 19

2.2 Die imago Dei ... 21

2.3 Heerskappy en koningskap ... 23

2.4 Heerskappy en antroposentrisme ... 27

2.5 Heerskappy as die beoefening van mag ... 28

2.6 Gevolgtrekking ... 28

**HOOFSTUK 3 ... 30**

**DIE MENS AS OPSIGTERS EN RENTMEESTERS VAN DIE SKEPPING ... 30**

3.1 Inleiding ... 30

3.2 Die verhouding tussen die mens en die skepping: Drie modelle ... 34

3.2.1 Die Koningskap model ... 35

3.2.2 Die Rentmeesterskap model ... 35

3.2.3 Die verwantskap of “kinship” model ... 37

3.3 Gevolgtrekking: Die doel van die skepping ... 40

**HOOFSTUK 4** ........ **42**

**CHRISTELIKE EKOLOGIESE ETIEK:** ........ **42**

4.1 Inleiding ........ 42

4.2 Die mens en die skepping ........ 48

4.3 Etiese Perspektiewe ........ 49

4.4 Die mens se koolstof voetspoor: Enkele gedagtes ........ 56

4.5 Gevolgtrekking ........ 58

**HOOFSTUK 5** ........ **60**

**SLOTOPMERKINGS** ........ **60**

5.1 Gevolgtrekking ........ 67

**BIBLIOGRAFIE** ........ **69**

# HOOFSTUK 1

# Inleiding

## Die mens as opsigter en rentmeester van die skepping: ’n Christelik-gereformeerde ekologiese beskouing

### 1.1 Agtergrond

God se skepping was goed, nog voordat die mens geskape was. Alhoewel die mens uniek is, deel die mens en die skepping dieselfde skeppingsbron (Gen 1:30). Die uniekheid van die mens word ook beklemtoon in Genesis 1:26-27, waar God se: “Kom ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, en al die diere wat op die aarde kruip. God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep”[1]. Na elke skeppingsdag word daar beklemtoon dat God gesien het dat dit goed was. Na die skepping van die mens lees ons in vers 31: “Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed.”

Die belydenis dat ons na die beeld van God geskape is, is van besondere belang in die nadenke oor die skepping en die rol en plek van die mens binne die skepping. Deur die loop van die geskiedenis is wat dit beteken om na die beeld van God geskape te wees egter op verskillende maniere verstaan; substantief, dat dit dui op sekere eienskappe binne die aard van die mens wat ons met God deel; relasioneel, wat fokus op die ervaring van ’n verhouding tussen God en die mens, asook tussen mense; of funksioneel, waar die klem gelê word op die rol wat die mens vervul (Erickson, 2013:456). Hierdie verskillende perspektiewe sal later in die studie in meer diepte bespreek word.

---

[1] Al die aanhalings vanuit die Skrif in hierdie studie is geneem uit *Die Bybel*, Nuwe Afrikaanse vertaling (1983).

Hierdie besondere rol wat aan die mens toegskryf word in die skeppingsverhaal, en in besonder die opdrag om te heers (Gen 1:28) is egter ook dikwels verstaan as ŉ belydenis oor die ondergeskiktheid van die res van die skepping. Om na God se beeld geskape te wees gee nie aan die mens die reg om as gode op te tree, en te vergeet dat die skepping primêr aan God as die Skepper behoort nie. God het die aarde geseën en in Levitikus word selfs voorskrifte gegee oor die manier hoe diere gedood moes word, asook voorskrifte vir die hantering van Sy skepping. Die mens word met die skepping na Sy beeld deel van die werk in God se skepping, wat ‘n afhanklikheid van God impliseer (Simkins, 2017:149). Die mens is nóg die uiteindelike doel, nóg die maatstaf waaraan die skepping blootgestel moet word.

In Genesis 1:28, wanneer God sê dat die mens moet heers oor die skepping, kan dit egter ook interpreteer word om as rentmeesters op te tree. Dit behels die regte houding, gewaarwording en kennis rondom die natuur. Rentmeesterskap gaan om versorging van bronne wat nie aan die mens behoort nie (Le Roux, 2016:2). Die moderne mens lewe dikwels apart van die natuur en ons besef in baie gevalle nie ons negatiewe impak op die natuur nie. As Christene het ons ‘n verantwoordelikheid om op ŉ verantwoordelike wyse met die skepping om te gaan. Reeds in 1700 v.C. het die kode van Hammurabi regulasies omtrent die bewaring en beskerming van die natuur bevat (Le Roux, 2016:2).

Omgewingsgeletterdheid word gereeld as net vir die natuurliefhebbers beskou, en mense besef selde die invloed van hul oordadige lewensgewoontes. In Psalm 14 lewe die wilde diere en ander skepsels onafhanklik van die mens, en in Psalm 74 is die see ook nie ondergeskik aan menslike beheer nie; alles is deel van God se skepping waarin God vreugde vind. Alles is tot eer en doel van God alleen! Die feit dat ons effens minder as goddelike wesens geskape is (Ps 8), gee nie aan die mens die reg om uit te wis en te vernietig nie.

Om na die beeld van God geskape te wees beteken dat God ons as heersers oor die skepping toerus om heerskappy toe te pas. Dit beteken om soos God met liefde, respek, en verantwoordelikheid met God se skepsels en skepping te werk. ‘n Skepping wat eerstens die doel gehad het om God te vereer en nie vir ons vrye toegang gee tot misbruik nie (Ps 69:35).

In God se verhouding met Israel sien ons duidelik dat God Sy volk seën met reën en oeste as hulle gehoorsaam teenoor Sy gebooie is. Die teendeel is egter ook waar (Simkins, 2017:151). Ongehoorsaamheid aan God se skepping bring skade aan die skepping. In die boek Job sien ons duidelik dat die skepping nie ‘n debatteerbare getuie is vir die karakter van die mens nie. Ons sien hoe Job die mens in sy plek plaas, en beklemtoon dat die skepping nie aan die mens behoort of om die mens draai nie. Simkins verwys ook na die verbondsverhouding tussen menslike optrede en die toestand van die natuurlike wêreld, wat in Deuteronomium 11:13-17 onderstreep word (2017:151). Volgens Bill Mckibben (in Simkins, 2017:153) het die aarde reeds sy einde bereik; menslike invloed het alreeds ‘n onveranderde invloed gelaat. Nadenke oor die aard van die mens se rentmeesterskap oor die skepping het dus ook ’n eskatologiese dimensie.

Om God te ken behels om God se gebooie na te kom. God is liefde en daarom behels die beheer van die natuur dat dit met liefde benader en hanteer word. Ons rol is versorgers, en die mens is daarom nie verhewe bo ander spesies in terme van bestaansreg nie. As mede-koningskinders het ons ‘n ware verbintenis wat die welsyn van alle lewende wesens insluit.

### 1.1.1 Die mens as opsigters oor die skepping

In Genesis 1 en 2 sien ons duidelik dat God alles goed geskape het. Die mens was nie die primêre doel van die skepping nie, maar is saam met ander wesens geskape op die sesde dag van die skepping. Die refrein “dit was goed” wat herhaal word, is vanuit God se oogpunt; vir God. Die skepping is goed, onafhanklik van die mens se opinie. Die skepping was beide teologies en kronologies goed nog voor die bestaan van die mens (Wright, 2004). Die vraag kom egter na vore of die mens dit inderdaad so beskou?

Die goedheid van die skepping lewer bewys van die Goddelike goedkeuring oor die ganse skepping. Die waarde van die mens tot die goedheid van die skepping lê daarin dat die mens deel is van die skepping, en nie apart of as ‘n verhewe skepsel geskape is nie (Wright, 2004). Die goedheid van die skepping lê ook in die doel wat God aan die skepping gee, en dit is om God te verheerlik deur ontwikkeling, groei, en verandering in die wêreldgeskiedenis en biologiese geskiedenis (Wright, 2004). Die doel van die skepping is om God te verheerlik (Erickson, 2013:340). God gee waarde aan die hele

skepping; mense, diere, land, en God die Skepper is die maatstaf vir alles wat goed is (Simkins, 2017:148).

Die skepping se eskatologiese dimensie is ingebou deur God. Die skepping se vermoë tot replisering en diversiteit is deur God in die skepping ingeplant. Die skepping sien ook uit met verlange na die uiteindelike volmaaktheid, die wederkoms, omdat dit ook deel was van die sondeval (Wright, 2004; Erickson, 2013:596).

Hieruit is dit duidelik dat die mens slegs opsigters of "bywoners" in die skepping is, en dat die skepping aan God behoort; nie aan die mens nie. Daarom kan die mens nie aanspraak maak op enige regte of voorkeure nie, al is die mens na die beeld van God geskape of die "kroon van die skepping". Die term opsigter beteken om na iets te kyk of om te sien. Om as God se kinders en na Sy beeld op tree, behels dus om dieselfde goddelike eienskappe te probeer openbaar. Eienskappe wat God vereis as opsigters is beskerming, en om onderdrukking, geweld en uitbuiting te voorkom (Wright, 2004). Die mens is vertrou met die verantwoordelikheid om die skepping te versorg (Erickson, 2013:343). Alhoewel die aarde en sy inhoud 'n bron is vir menslike gebruik, behoort alles aan God! Om dus as opsigters op te tree beteken ook om na die swakkeres en magteloses om te sien (Ps 72).

Die Christen se primêre doel is dus ook om 'n stem te gee vir die wat nie 'n stem het nie, en dit beteken dus om ekologiese aksie te neem deur spesies en hul habitatte te beskem (Wright, 2004). In Spreuke 12:10 lees ons: "Die regverdige ken die natuur van sy dier, maar die barmhartigheid van die goddelose is wreed". Die woord "*nepes*" beteken hier die binne, ongesproke gevoel en nood van die dier. Die Hebreeuse woorde "*sedeq*", wat omhels beteken, asook die woord "*rabamim*", wat diep gevoel beteken, word gebruik in verbinding met God teenoor mense en mense teenoor mekaar. Hier word dit gebruik in terme van regte en verkeerde houdings teenoor diere (Wright, 2004:123).

Die Bybel gee wel aan die mens 'n unieke status (Ps 8:5-6), maar dit impliseer nie dat ander spesies nie waarde het nie. Dat die mens dan wel laaste geskape is, wys daarop dat die mens belangrik is, maar belangrik in die konteks van die skepping. Die antropogeniese beginsel gee ons nie die reg om te verwaarloos en vernietig nie. Die beginsel pas in by die Bybelse standpunt van die prioriteit van die mens binne die

skeppingsorde (Wright, 2004). Die uniekheid van die mens lê juis in die waarde wat God aan die mens gee binne die skepping, wat ook sy eie instrinsieke waarde het.

### 1.1.2 Heerskappy oor die skepping

Die tweede fokus van hierdie studie is die kwessie van heerskappy. Behels die unieke status van die mens dat dit aan die mens ‘n mandaat gee om te misbruik? Heerskappy in hierdie konteks beteken nie heers en die misbruik van die skepping nie, maar om as draers van God se beeld in samewerking met die skepping, en in ‘n versorgende hoedanigheid op te tree. Die mens is nie ‘n unieke of verhewe wese oor die res van die skepping nie (Job 25:5-6). Tydens die skeppingsproses word die mens nie eers op ‘n aparte dag geskape nie, maar saam met wilde diere op die sesde dag. God skep die mens en dier uit dieselfde grond (Gen 2:7 en Gen 2:19). Die mens en die skepsels deel ook dieselfde asem van lewe (Gen 1:30 en Gen 6:17). God gee selfs vir die mens en die dier dieselfde kos (Gen 1:29-30). Die mens wat ‘n lewende wese word, word beskryf deur dieselfde woord “*nepes*”, wat herhaaldelik gebruik word om alle ander lewende wesens ook te beskryf (Wright, 2004; Berkhof, 2017:198).

Om na die beeld van God geskape te wees en te heers oor die skepsels, sou dan kon beteken dat God ons net toerus, of instaat stel, om heerskappy toe te pas. Alhoewel die mens die dominante spesie is, lê die eienskap van dominant wees daarin dat ons oor die skepping moet heers deur te bewaar en te beskerm.

Om na God se beeld geskape te wees, is slegs ‘n dimensie van ons skepping. Dit is nie ‘n eienskap wat ons besit nie, maar wat ons is! Die woorde “*kabas*” en “*rada*” wat gekoppel word aan die skepping, word gebruik om te heers, maar nie deur geweld of misbruik nie. Die oorsprong van die misbruik van die aarde, volgens White (1967:1205), lê juis in die skeppingsopdrag in Genesis 1:28, en word daarom dikwels voor die deur van Christene gelê. Die woord “*kabas*” beteken eintlik dat die mens die skepping net soos ander spesies moet gebruik. So word die woord “*rada*” eerder gebruik in die sin van God se Koninklike outoriteit oor die hele skepping. Koningskap sluit nie in ‘n arrogansie in die hantering van die skepping of misbruik of oorheersing in nie. God is ‘n Koning wat liefde, respek, en versorging vir en van Sy skepsels verwag. Dit is wat God bedoel met heers en om na God se beeld geskape te wees (Vos, 1991; Wright, 2004). Om te heers oor die skepping is om te handel soos God dit wil (Simkins, 2017:152). ‘n Goeie koning is regverdig en tree

met genade en ware bemoeienis op teenoor sy "onderdane", wat 'n refleksie van Goddelike eienskappe is. God het en wil die hele aarde seën (Ps 104).

Nog 'n fokuspunt handel oor die mens se houding teenoor die skepping. Binne die raamwerk van ekologiese etiek moet daar 'n ingesteldheid wees op dit wat God van die mens vereis, en die waarde wat die mens aan God se skepping gee. 'n Skepping wat God eerstens vir Godself geskep het. Die vraag is dan wat die prioriteit van die mens in God se skepping is? Die natuur het ook sekere regte en verantwoordelikhede, wat van God afkomstig is. Wat gebeur met die regte van die skepping?

Die skepping is nie volgens die Bybel 'n selfonderhoudende biosisteem nie (Wright, 2004). Die skepping word deur God onderhou[2] en kan onafhanklik funksioneer in sover God dit toelaat. God het die skepping geseën met die vermoë om te hernu, herstel, en aan te pas met 'n unieke balans. Die probleem wat ontstaan en die ekologiese krisis wat ons tans ervaar is die invloed van die mens, wat van so 'n aard is dat die skepping nie meer kan tred hou met die wangebruik deur die mens nie (Wright, 2004).

Die mens se vraag na sy persoonlike behoeftes, en sy lewenstyl het die skepping vooruit geloop. As mense leef ons al hoe verder van die natuur af, en weet ons dikwels niks van, of steur ons bloot nie aan die beskikbaarheid van natuurlike hulpbronne bronne nie. Die realiteit dat ons lewens moontlik gemaak word deur die lewe van ander lewende spesies word nie verstaan of besef nie. Die mens se reg om te wil hê ten koste van ander dui op ons dikwels selfsugtige geaardheid en apatiese houding. Daar is 'n duidelike onkunde omtrent die oorsprong van voedsel en reserwes, en wat die ekologiese rol van elke bron en spesie is.

---

[2] Dat God die skepping onderhou is 'n belangrike element van die voorsienigheidsleer. Volgens Leith is die voorsienigheidsleer gegrond in die oortuiging dat God persoonlik is, en dat God persoonlik optree binne Sy skepping, in die natuur en in die geskiedenis, om dit te bewaar, onderhou en regeer (1993:81). Dit bevestig ook dat die God wat ons in Jesus Christus ken dieselfde God is wat persoonlik betrokke is in die natuur, die geskiedenis en wat nie alleen wêreldse gebeurtenisse regeer nie, maar ook die gebeurtenisse van menslike lewe (Leith, 1993:82). Daarom is die voorsienigheid, alhoewel dit nie die fokus van hierdie studie is nie, ten nouste ook verbind met die leer van die skepping en die rol en plek van die mens daarin.

Dit word ook in Vraag 26 van die Heidelbergse Kategismus bevestig: "Ek glo dat die ewige Vader van ons Here Jesus Christus wat die hemel en aarde met alles wat daarin is, uit niks geskep het en deur sy ewige raad en voorsienigheid nog onderhou en regeer, ter wille van sy Seun Christus my God en Vader is. Op Hom vertrou ek so dat ek nie daaraan twyfel dat Hy my, met alles wat vir liggaam en siel nodig is, sal versorg nie. Hy sal ook al die kwaad wat Hy in hierdie jammerdal oor my beskik, tot my beswil verander, omdat Hy dit as 'n almagtige God kan (f) en ook as 'n getroue Vader wil doen."

Die doel van die skepping in nie alleenlik vir die mens se gebruik en tot die mens se voordeel nie (Ps 69: 35; 96:11-12). Volgens die Ou Testament is die waarde van die skepping om God te verheerlik. Indien die skepping alleenlik vir die doel van die mens was, sou die versorging daarvan impliseer dat die mens bloot na hom- of haarself kyk, wat alreeds dui op vernietiging en getuig van die mens se onvermoë. Om die skepping te versorg is nie net 'n opsionele dimensie van ons Christenskap nie, maar 'n dimensie van ons menswees (Wright, 2004). Dit dui ook op die ontologiese oorsprong van die mens.

Die antropogeniese beginsel van die mens lê te veel klem op die reg om te misbruik, verwaarloos, en vernietig. Dit is vir hierdie rede dat die Christelike geloof ook daarvan beskuldig word dat dit 'n groot aandeel het aan die ekologiese krisis vanweë 'n skeppingsleer wat hierdie model van heerskappy en oorheersing dikwels aangemoedig het. Lynn White is een van die prominente en invloedryke stemme in hierdie verband, en setel sy kritiek van Westerse Christendom in die aantuiging dat die Bybel antroposentries is, en gevolglik die omstandighede bied vir die mens se uitbuit van die omgewing. White verstaan die skeppingsverhaal in Genesis 1, en in besonder die mens se skepping na die beeld van God, asook die opdrag om oor die skepping te heers in die sin dat dit wat God geskep het met die uitdruklike doel vir die voordeel en heerskappy van die mens was. Geen aspek van die fisiese skepping het enige doel buite die vervulling van die mens se behoeftes nie, word deur White aangevoer (White, 1967:1205). Hoewel verskeie Bybelwetenskaplikes die outeur White se vertolking van die skeppingsverhaal in Genesis uitgedaag het (Simkins, 2017:145), is dit steeds geldige kritiek wat ernstig geneem sal word in hierdie studie.

Alhoewel die skepping getuig van selfvernietigende natuurlike fenomene, soos byvoorbeeld aardbewings, weet ons dat die aarde ook deel was van die sondeval en dus deel is van God se verlossingsplan. Die toestemming om diere te eet en die ontstaan van predasie na die sondeval dui ook op die invloed van die mens op die skepping (Wright, 2004).

Die skeppingsopdrag het duidelike verantwoordelikhede. Antropogenies gesproke, het die mens se aktiwiteite 'n onomkeerbare verandering tot nadeel van die natuur tot stand gebring. Die doel van die skepping was om God te verheerlik. Na die sondeval, hoe sou die mens in die doel kon slaag?

Een interpretasie van wat dit sou kon beteken het om oor die skepping te heers, (volgens Genesis) kon heel waarskynlik te doen gehad het met die verwerking van grond. Dit is onduidelik in Genesis 1 wat die gevolge is van heers/heerskappy oor voêls, visse en diere. Aanvanklik was dit nie die bedoeling dat hulle geëet word nie (Gen 1:29). Dit is eers na die sondvloed wat die eet van diere toegelaat is (Simkins, 2017:152). Die beginsel van heerskappy is dus gegrond op die voorbeeld wat God stel. Wilde diere bly buite die visie van menslike "heersing", en in Psalm 104 lees ons dat God self heers oor die wilde diere (Simkins, 2017:152).

God skep die mens en dier uit dieselfde grond (Gen 2:7 en Gen 2:19). Die mens en die skepsels deel ook dieselfde asem van lewe (Gen 1:30; 6:17; 7:15). Die verskil is dat die mens se "asem" deur God in die mens in geblaas is, wat op 'n ander tipe verhouding tussen God en die mens wys, maar nie op 'n ontologiese verskil nie (Wright, 2004). Ons lees in Psalm 96:12 van die veld en bome wat vreugdevol is! God gee selfs vir die mens en die dier dieselfde kos (Gen 1:29-30). Die mens wat 'n lewende wese word, word beskryf deur dieselfde woord "*nepes*", wat herhaaldelik gebruik word om alle ander lewende wesens ook te beskryf (Gen 1:20, 24, 28) volgens (Wright, 2004:118). Die mens se hoofdoel is dieselfde as alle ander spesies, wat onder andere dankbaarheid is (Ps 104). Die vlees van mense en diere verskil volgens 1 Korintiërs 15:39, maar alle vlees is Godgeskape.

Die skepping is dus nie alleenlik vir die mens se voordeel nie, maar eerstens direk om God te verheerlik en te dien (Job 38-41). Teenstrydig tot die antropogeniese interpretasies van Genesis 1, is die mens nie die doel of maatstaf van God se skepping nie (Simkins, 2017:152). Soos Genesis 1 die status van die mens bevestig, so ondermyn Psalm 104 dieselde status. Dit is duidelik in Psalm 104 dat die mens nie uitgesonder word as spesiaal of selfs met 'n kenmerkende rol om te vervul nie, behalwe miskien in terme van boosheid (Simkins, 2017:152). Daar word eerder klem gelê op die diversiteit van God se skepping. Psalm 104 beeld die mens uit as slegs deel van God se skepsels, met geen besondere seggingskap nie. Volgens die psalmdigter is die mens en die skepping albei afhanklik van God.

As ons na die rol van Israel as deel van God se skepping kyk, sien ons dat Israel 'n deurslaggewende rol met betrekking tot die skepping gehad het. Die skepping was onderhewig aan Israel se gehoorsaamheid aan die Sinai verbond. Die verbond siening

wys daarop dat daar ‘n verhouding is tussen die natuur en die gedrag van mense. Wanneer Israel getrou was, het God hul oeste en opbrengs geseën, maar wanneer hulle hulself skuldig gemaak het aan ongehoorsame gedrag, het die hele skepping ook daaronder gely (Simkins, 2017:151). God seën of vervloek. Alle nasies is blootgestel aan God se wette en onderhouding, dus kan die verbreking daarvan ook lei tot die dieselfde gevolge dat die skepping vervloek sal word, alhoewel die wêreld nie om die mens draai nie.

Omdat God waarde aan Sy skepping gee, is deel van ons opdrag om dieselfde te doen. As mense het ons nie ‘n goddelike reg tot die skepping nie, maar as draers van God se beeld gee dit vir ons toegang tot deelname in God se aktiwiteit van seëninge. Soos bepaal deur God, het die skepping sy eie mandaat en geldigheid (Wright, 2004). Om kind van God te wees, gee aan ons ‘n dimensie van versorging. Vir die nie-Christen behoort die dimensie van versorging voort te vloei uit die logiese beginsel dat as die wêreld nie versorg word nie, dit sal uitloop op ‘n omgewingsramp. Die versorging van die skepping is dus ŉ opdrag vir alle mense, hetsy gelowiges en nie-gelowiges. Vir die Christen is daar dan ook ŉ bepaalde geestelike dimensie verbonde hieraan.

God se verbond met Noag sluit ook ‘n verbond met die hele skepping in, met alle lewende wesens (Gen 9:8-12,16). Duidelik sien ons in die teksverse dat die verbond die mens en ander skepsels gelykstel. Ons kan sien dat God ‘n verbondsverpligting op die mens plaas (Wright, 2004). Hierdie verbondsverpligting kan ook uitgedruk word as ekologiese etiek.

### 1.1.3 Christelike Ekologiese etiek

Die mens met sy eie ekosisteem hou verskeie gevolge in vir die geskape ekosisteme, omdat die mens en die natuur interafhanklik van mekaar is (Vos & Muller, 1991). Die roeping van die gelowige sluit ook die welwese van die hele gemeenskap in. Daar is drie maniere waarop die Ou Testament geinterpreteer kan word in hierdie verband; paradigmaties, eskatologies, of tipologies. ‘n Paradigmatiese benadering wys vir ons dat God se verhouding met Israel en hul land ‘n duidelike heenwysing na God se verhouding met die mensdom was. Daarom moet ons die sosiale en ekonomiese wette en gebruike van Israel gebruik as ‘n basis waarvolgens alle nasies hul etiese taak voltooi (Wright, 2004). Ons lees in Deuteronomium dat as Israel gehoorsaam is, die land geseënd sal bly (Deut 28:1-14).

God se verlossingsdoel is vir alle nasies en die hele aarde, met die verwagting van ‘n getransformeerde, nuwe skepping. Die Ou en Nuwe Testament sien met verwagting daarna uit dat alle nasies na God draai. God sal Sy skepping ook verlos.’n Land van belofte, melk en heuning (Eksodus 3:8). Die land wat uiteindelik beloof word om soos die paradys te wees (Deut 8:7). ‘n Land vol bronne en ryke plantegroei (Gen 2:8). Volgens Deuteronomium 11:12 is dit ‘n land waaroor God besorg is, en waarop Sy oë voortdurend rus (Wright, 2004).

Die land van die Ou Testament en sy heiligheid is in Jesus Christus in die Nuwe Testament oorgedra. Die geestelike teenwoordigheid van Christus maak enige land en plek heilig waar gelowiges is. Christus sê self Hy is teenwoordig waar gelowiges ontmoet, en dit kan orals en op enige plek wees. Die land verwys dus tipologies na Christus (Wright, 2004).

Uit Israel se gekiedenis kan ons duidelik sien dat die land God se geskenk aan hulle was, soos in die verbond met Abraham voorspel was. Uit die verbondsverhouding met Israel sien ons dat die land ‘n plek was van lewe met God (Wright, 2004). Die tipologiese konsep van Israel se land is dat alle mense wat in Christus verenig is, die land moet hanteer en beheer soos wat Christus dit sou doen.

In Matteus 5:5 word aandag geskenk aan die sagmoediges wat die aarde sal beërwe. Dit is vir ons ‘n aanduiding dat die aarde deel is van God se heilshandelinge met die mens, en dat die toekoms van die mens nie apart is van die aarde nie (Jes 65:17; 66:2). Ons moet dieselfde ingesteldheid teenoor die skepping hê as die sagmoediges. Die mens se voortbestaan word gekenmerk deur ‘n wanbalans wat plant en dier aantas, en daarom moet ons ingeseldheid verander wat ‘n sensitiwiteit openbaar teenoor God se skepping. Ons hantering van God se land weerspieël ons verhouding met God (Vos & Muller, 1991).

As ons kyk na die groeiende vereistes van die wêreld, soos bevolkingsaanwas, voedselproduksie, besoedeling, en industrialisasie, om net ‘n paar te noem, moet daar ‘n verandering kom in die oordadige leefwyse van die mens. Die wêreld se fyn gebalanseerde lewens- en onderhoudingsisteem kan nie byhou met die mens se groeiende leefstyl nie (Vos & Muller, 1991). Daar moet ‘n radikale verandering kom in die mens se houding en verhouding teenoor die skepping en sy medemens.

Die eskatologiese karakter van die Bybel wys dat God ‘n sekere doel het met die skepping en dat die skepping saam met die mens ingebed is in die verlossingsplan van God (Rom 8:18-23). Dit wys nie op ‘n ongeërgde houding dat alles sal nuut word, ons “’n nuwe hemel en nuwe aarde”, sal beërwe en ons daarom kan gebruik en misbruik met die wete dat God sal herstel in die einde nie (Jes 51:6). Sosiale geregtigheid kan nie plaasvind sonder om die doel van die skepping in berekening te bring nie. Die mens en die skepping sien uit na die verlossing (Jes 11:6-9). Die skepping moet ook verlos word aangesien dit deur die mens beskadig is (Simkins, 2017:154). Die mens het soos God probeer word, en die menslike invloed is orals en in alles, en in hierdie opsig is die rol van God dubbelsinnig. Moet God die probleme van die skepping, wat die mens se eie verantwoordelikheid en gevolg is, kom oplos? Die argument sou gemaak kon word dat God eenkant bly (tot met die eindtyd) en kyk hoe die mens ons eie wêrêld met die probleme wat ons veroorsaak het gaan oplos (Simkins, 2017:154). Hoe pas so ŉ verstaan egter in by die eskatologiese blik op die skepping?

Omgewingsbemoeienis is die wortel van Christelike sorg, aangesien die Evangelie van God wat verkondig word ook God se liefde saam met dit verkondig, en dit sluit in God se omgee en bekommernis vir die hele skepping, Sy skepping (Le Roux, 2016:2). Die beginsel van liefde impliseer ook waardering vir alle skepsels van God. Die ontdekking van wetenskap en tegnologie kan ‘n positiewe bydrae lewer tot die volle opbouing van kennis en van bewaring van die skepping. Volgens Schuurman (2006) beteken liefde om na die natuurlike te soek, om met dit wat natuurlik is in die skeppingsorde, en wat opbouend in die etiek van reg, liefde en verantwoordelikheid te kan voortleef. In sy nadenke oor die etiek van tegnologie wys Schuurman op die verantwoordelikheid van die mens om om te sien na die aarde, nie as heersers nie, maar om die inherente waarde van God se skepping raak te sien (Schuurman, 2006:164). In die tradisie van Reformatoriese Filosofie, vereis etiese verantwoordelikheid ook die aanvaarding van die transendentale geopenbaarde beginsel van die skepping, saam met die erkenning dat so ŉ poging nie moontlik is wanneer dit as onafhanklik van die Woord van God beskou word nie (Schuurman, 2006:132). Schuurman (2006) argumenteer verder dat etiese optrede binne die raamwerk van Reformatoriese filosofiese denke gebaseer is op dit wat beskou word as die geskape orde, wat ŉ hoogtepunt bereik in die etiek van die reg, liefde en verantwoordelikheid.

Die vraag kom dan na vore of God heers deur Sy skepping en wette? Die Bybel leer dat God Homself openbaar deur die skepping en deur Sy Woord (Ps 19:1-14; Rom 1:18-20). Die rol van die skepping is dat dit God alleenlik wil verheerlik (Ps 96:11-12), maar die mens dra dikwels nie by tot die doel nie (De Wit, 2013:3).

## 1.2 Probleemstelling

God het die wêreld goed geskep. Deur die geskiedenis van die mens het daar spanning ontstaan tussen die mens en die aarde. Die kultuuropdrag van die mens kom in gedrang omdat die mens oneties optree, wat verskeie gevolge het, ook vir die omgewing. Een hiervan is byvoorbeeld oorbevolking. Oorbevolking dra by tot die ekologiese krisis waarmee ons gekonfronteer word. Moltmann (1993:20) dui aan dat ons hedendaagse situasie bepaal word deur ŉ ekologiese krisis wat die hele wetenskaplike en tegnologiese beskawing raak, en gekenmerk word deur die mens se uitputting van die natuur. Dit is ŉ dodelike krisis, nie slegs vir die mens nie, maar vir alle lewende wesens sowel as die natuurlike omgewing (Moltmann, 1993:20).

Dit is duidelik dat daar ‘n ekologiese krisis op hande is, en dit wil voorkom of dit net sommige “bewustes” kwel, terwyl ander ongeërg bly. Die Wêreldraad van Kerke (WRK) is teenwoordig in alle konferensies van die Verenigde Nasies (VN), en die VN het die klimaatsverandering konvensie oor klimaatsverandering aanvaar in 1992. Ten spyte hiervan, is daar nogsteeds mense wat glo dat klimaatsverandering ‘n probleem is wat nie regtig bestaan nie. Die WRK lewer ook ŉ bydrae tot die bewuswording van klimaatsverandering en beklemtoon die erns van die probleem. Hulle onderstreep die feit dat die Bybel ons leer dat die hele skepping uitroep na mense wat moet sorg, bewaar, en beskerm. Hulle verwys sterk na Genesis 2:15 waar God die opdrag gee om met liefde teenoor Sy mees kwesbare skepsels op te tree (WRK, 2019).

Die moderne mens tree meer en meer onbeheers teenoor die natuur op. Dit wil voorkom asof die vooruitgang van tegnologie en die beoefening van wetenskap dikwels hiertoe bydra. Wetenskapsbeoefening hoef nie teenstrydig met geloof te wees nie. Jong mense soos Greta Thunberg wat as ‘n tiener optree, en soveel moed en deursettingsvermoë openbaar in haar veldtog om mense daarop te wys dat die toekoms van die jeug en die

mens aan skerwe lê, is prysenswaardig. Tog is daar soveel wat haar passie en die realiteit van klimaatsverandering ignoreer. Selfs die ongelowige behoort die komende ramp te identifiseer en ook op te tree! Kulturele uitgangspunte mag ook nie gebruik word as ‘n verskoning die natuur te oorbenut nie.

God gee aan die mens die wetenskap, asook die opdrag om te bewaar en respekteer. Soos ook vroeër aangedui, word daar in Lynn White (1967), se “*Ecological Crisis*”, beweer dat die Christelike geloof die oorsaak is van die ekologiese krisis, soos bepaal deur die kultuuropdrag in Genesis 1:28-29. Die belydenis van Christene is dat God die mens en die natuur goed geskape het volgens Sy Goddelike beeld. As die natuur ‘n Godgegewe geskenk is, en die doel eerstens was om God te verheerlik, het hierdie belydenis verreikende implikasies vir die manier waarin ons binne die Christelike ekologiese etiek nadink oor die skepping in die lig van die ekologiese krisis.

## 1.3 Navorsingsvraag

### 1.3.1 Oorkoepelende navorsingsvraag

Hoe kan ons die rol van die mens in die skepping vanuit ŉ Christelik-gereformeerde perspektief verstaan binne ekologiese etiek, en hoe sal dit die manier waarop ons met die skepping omgaan beïnvloed?

### 1.3.2 Onderafdelings uit navorsingsvraag

Hoe word die tema van heerskappy oor die skepping in ŉ Christelik-gereformeerde perspektief verstaan?
Hoe word die rol van die mens in ŉ Christelik-gereformeerde perspektief verstaan as opsigter en rentmeester?
Wat is die implikasies hiervan vir ŉ Christelik-gereformeerde ekologiese etiek?

## 1.4 Navorsingsdoelwit

Binne die veld van Christelike etiek, en in besonder Christelik-gereformeerde ekologiese etiek, wil hierdie studie die wisselwerkende verhouding tussen God, die mens, en God se

ander skepsels in die ekologiese sfeer bestudeer. Die studie streef om die vraag te beantwoord**: Watter teologiese bydrae kan die verstaan van die mens as opsigter en rentmeester vanuit 'n Christelike-gereformeerde perspektief lewer tot die ekologiese etiek?**

### 1.4.1 Sentrale navorsingsdoelstellings

Hierdie studie streef om die volgende aspekte te beklemtoon:

In die eerste plek sal hierdie studie fokus op die kwessie van **heerskappy**. Heerskappy beteken nie heers en misbruik van die skepping nie, maar om as draers van God se beeld in samewerking met die skepping en in ‘n versorgings hoedanigheid op te tree.

Tweedens, om aan te dui dat die mens geroep word as **opsigters** en **rentmeesters** oor die skepping. Dit beteken dat die aarde aan God behoort, en dat die mens saam met ander skepsels die aarde bewoon.

In die derde plek sal die kwessie van die skepping en **Christelik-gereformeerde ekologiese etiek** ook bespreek word. Christelike ekologiese etiek is ingestel op dit wat God van die mens vereis in die skepping, en die waarde wat die mens aan God se skepping gee. ‘n Skepping wat God eerstens geskep het om Hom te verheerlik.

### 1.4.2 Navorsingsimpak en kontrasterende menings

Die doel van hierdie navorsing is om ‘n besef te bring vir die feit dat die skepping ook regte het, wat selfs in lyn is met die regte van die mens. Is dit die reg van die mens om in oorvloed te lewe ten koste van ander mense en ten koste van ander skepsels in die skepping? Is die diversiteit op ons kostafels geregverdig, aangesien die wêreld in ‘n ekologiese krisis is? Beteken die reg wat die mens homself toe-eien die doodmaak van ‘n “ongewenste spesie” of die reg op ‘n lewenstyl wat duidelik uit proporsie is? Ons samelewing vereis en oordeel ons suksesse dikwels volgens ons besittings, wat opsigself ‘n ekologiese voetspoor nalaat wat die wêreld met sy groeiende bevolkings nie kan bybring nie. Die vermorsing van hulpbronne van die skepping dui ook op ‘n ongeërgde houding; dit is mos die mens se reg, en ek wil en mag hê!

Volgens Le Roux (2016:2-3) sien sommige mense die mens as dominant en as die superieure spesie. Berkhof (2017:199) dui ook daarop dat alhoewel die mens steeds ondergeskik aan God is, die mens in ŉ verhewe posisie bo die res van die skepping geplaas word om te heers en regeer en daardeur God die Skepper te verheerlik.

Ons lees in talle plekke in die Skrif dat God die mens belangrik ag, maar die mens het aan hom - en haarself ‘n aanmatigende houding toegesê, wat druis teen God se siening dat die mens nogsteeds ‘n skepsel van God is, wat onder God se reëls behoort op te tree (Job 25:5-6). Daar word egter steeds van die mens verwag om in harmonie met mekaar en oordeelkundig met die natuur te lewe. Die skepping met alles behoort aan God, en nie die mens nie (Job 38:1-19).

### 1.5 Sentraal teoretiese argument

Die sentraal teoretiese argument van hierdie studie is dat teologiese refleksie vanuit ŉ Christelike-gereformeerde perspektief op die tema van heerskappy en die verstaan van die mens as opsigter en rentmeester, ŉ bydrae kan lewer tot die ekologiese etiek. Heerskappy beteken nie heers en misbruik van die skepping nie, maar om as draers van God se beeld in samewerking met die skepping en in ‘n versorgings hoedanigheid op te tree. Die mens word geroep as opsigters en rentmeesters oor die skepping, wat beteken dat die aarde aan God behoort, en dat die mens saam met ander skepsels die aarde bewoon en God moet verheerlik. My oogpunt met die studie is dat die mens sal besef dat ons ‘n integrale deel van en nie apart as verbruikers van die skepping is nie. Hoe ver moet die wêreld en die natuur nog verswak en versleg en spesies verder uitsterf voordat die mens tot die inkeer en besef sal kom dat die hele kosmos en die aarde spesifiek ‘n eenheid vorm? Alle lewende spesies is verweef in ‘n verweefde saamloop en ekologiese ewewig en balans en behoort die mens bydraend tot sy habitat te wees. Tans is die mens apart en die enkele grootste vernietigende faktor in die skepping. Ons beeld as opsigters en rentmeesters moet ‘n groter werklikheid word, en ‘n integrale deel word van elkeen se bestaan.

## 1.6 Navorsingsmetodologie

Die metodologie van hierdie studie is ʼn literatuurstudie, wat uit verskeie komponente bestaan, ten einde die doelwitte te bereik wat vroeër uiteengesit is, en die navorsingsvrae te kan beantwoord.

Hoofstuk een is die uiteensetting van die navorsing wat volg en dien as die inleiding en oriëntering van die studie.

Die konsepte van opsigterskap, rentmeesterskap en heerskappy word dan in hoofstukke twee en drie bespreek as ʼn literatuurstudie deur die bestudering en nabye lees en analise van dogmatiese bronne binne die Christelik-Gereformeerde tradisie.

Die implikasies van die konsepte van heerskappy, opsigterskap, en rentmeesterskap vir Christelik-gereformeerde ekologiese etiek word in hoofstuk vier ondersoek deur ʼn bespreking van die veld van Christelike ekologiese etiek. Die belydenis dat die mens na God se beeld geskape is, en die rol van die mens as opsigter en rentmeester en die verstaan van heerskappy sal ook deur bogenoemde uitgangspunt beïnvloed word.

Laastens sal hoofstuk vyf ʼn opsomming en die gevolgtrekkings van die studie aanbied, met ʼn fokus op ʼn eskatologiese aanslag.

## 1.7 Etiese oorwegings

Hoewel hierdie studie ʼn literatuurstudie is, en geen empiriese komponent bevat wat etiese implikasies kan inhou vir die navorser, omgewing, asook die individue wat daaraan deelneem nie, bevat alle navorsing die etiese verantwoordelikheid om dit nie skuldig te maak aan plagiaat nie, en om die beskouinge van alle outeurs op ʼn billike wyse aan te bied.

Stereotipering sal ook verhoed moet word, en om ook nie vrae te ignoreer wat aan hierdie studie gevra sou kon word vanuit ander invalshoeke nie. Dit sou byvoorbeeld sieninge insluit wat die uitbuiting van die skepping sou wou regverdig op grond van die argument

dat die mens die kroon van die skepping is, asook ander perspektiewe wat sou verskil van die gevolgtrekkings van die studie.

**1.8 Skematiese voorstelling**

| | **Navorsingsvraag** | Objektief | Metode |
|---|---|---|---|
| Hoofstuk 1 | Hoe sal die studie aangepak word? | Die uiteensetting van die studie. | Navorsingsvoorstel |
| Hoofstuk 2 | Hoe word die tema van heerskappy verstaan in 'n Christelik-gereformeerde perspektief? | Om aan te dui dat heerskappy nie heers en misbruik van die skepping behels nie, maar om as draers van God se beeld in samewerking met die skepping en in 'n versorgings hoedanigheid op te tree. | Die konsep van heerskappy word binne die Christelik-gereformeerde perspektief bespreek. |
| Hoofstuk 3 | Hoe word die temas van opsigterskap en rentmeesterskap verstaan in 'n Christelik-gereformeerde perspektief? | Om aan te dui dat die mens geroep word as opsigters en rentmeesters oor die skepping. Dit beteken dat die aarde aan God behoort, en saam ander skepsels die aarde bewoon. | Die konsepte van opsigterskap en rentmeesterskap word bespreek as 'n literatuurstudie deur die bestudering en nabye lees en analise van dogmatiese bronne binne die Christelik- |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | gereformeerde tradisie. |
| Hoofstuk 4 | Wat is die implikasies hiervan vir ekologiese etiek? | ’n Bespreking van ’n Christelik-gereformeerde ekologiese etiek gegrond op die vorige twee hoofstukke. Hierdie ekologiese etiek is ingestel op dit wat God van die mens vereis in die skepping, en die waarde wat die mens aan God se skepping gee | Die implikasies van die konsepte van opsigterskap en heerskappy vir Christelik-gereformeerde ekologiese etiek sal ondersoek word deur ’n bespreking van die veld van Christelike ekologiese etiek, asook hoe die vorige twee hoofstukke dit sal beïnvloed. |
| Hoofstuk 5 | Gevolgtrekking en samevatting | ‘n Christelike gefundeerde oorsig en toekomsverwagting binne God se verwagting. | Gereformeerde Christelike ondersoek en samevatting van die rol, doel en gevolge van die mens in die skepping. |

# HOOFSTUK 2

# Die mens as die heersers oor die skepping

## 2.1 Inleiding

Die lang kritiek teen die Christelike tradisie oor die oorheersing van die aarde kan verkeerd vertolk word. Die skeppingsopdrag in Genesis 1:28-31 word baie keer gelees en vertolk dat die mens die skepping aan homself moet onderwerp en daaroor moet heers. Volgens White (1967:1205) het daar 'n kulturele mandaat ontstaan waar Christene hulself die reg toesê om te heers en te onderwerp. White (1967:1205) dui aan dat die "heers" gedeelte in Genesis aan die Westerlike wetenskap 'n hupstoot gegee het om te oorheers. Hy beweer verder dat Christenskap ondersteuning gee aan die idee dat die aarde primêr tot voordeel vir die mens geskep is. Berry voer ook aan dat die Bybelse opdrag om te "heers" ongetwyfeld 'n bepalende element was in menslike houdings teenoor die omgewing, wat verder ondersteun is deur die insluiting van Griekse filosofiese idees van die hiërargiese aard van die wêreld in die leerstellings van die vroëe Kerk (2006:5).

Voorts beweer White (1967) dat die Christelike geloof die mees antropogeniese geloof in die wêreld is, en daarom verantwoordelik gehou moet word vir die omgewingskrisis (Conradie, 2011:6). Dit word ondersteun deur die feit dat die lande wat bygedra het en steeds bydra tot die ekologiese krisis, juis die Westerse Christelike lande is wat 'n industriële revolusie nagejaag het. Conradie (2011:6) verwys na Rene Dubos (1973), wat beweer dat antieke Chinese, Griekse en Moslem beskawings ook bygedra het tot omgewings vernietiging. Westerse bevolkings is ook saam met ontwikkelende lande verantwoordelik vir ekologiese uitbuiting van bronne en populasie groei. Dink byvoorbeeld aan die eenvoudige vraag hoe die wêreld sou lyk as elke mens in byvoorbeeld Indië en Afrika ook 'n motor sou besit?

Die probleem ontstaan dat beskawings selfsugtig optree; wie bepaal watter nasie of volk eerste toegang het tot skoon water, lug en ander bronne? Daar is 'n probleem met gelykheid en geregtigheid waar arm lande hulp benodig en die rykes sal moet aanpas in hul standaard van lewe (Conradie, 2011:30-32). In Prediker 9:7 lees ons: "gaan dan heen,

eet jou brood met vreugde en drink jou wyn met ‘n vrolike hart”. Dit lê klem op ‘n eenvoudige bestaan, asook op die basiese behoeftes van die mens wat bevredig moet word. Ekonomiese groei en welvaart het ‘n bose kringloop veroorsaak waar net genoeg nie meer genoeg is nie (Spr 30:8).

In reaksie oor bogenoemde bewerings van White het Christene gepoog om die skewe interpretasie van wat dit beteken om te heers en onderwerp te verduidelik. Volgens Conradie (2011:3), wat verwys na Paul Santmire (1985), is daar dubbelsinnigheid in Christelike teologie oor die interpretasie van Genesis 1:28. Hy beweer ook dat die Christelike geloof in die verlede miskien meer klem gelê het op die verlossing van die siel, maar dit is nodig dat die Christelike geloof transformeer in ‘n meer ekologiese geloof wat ook die fisiese bestaan ernstig neem. Elke geloof moet nou meer as ooit aarde-gesentreerd wees (Conradie, 2011:13). ‘n Gemeenskaplike kerklike gesentreerdheid moet onder gelowe wees met die natuur en nood van die aarde as kern. Conradie (2011:13) haal vir Sean McDongh aan, wat beweer: “Daar is geen Katolieke mere, Protestante riviere of Moslem woude nie”. Almal deel ‘n gemeenskaplike aarde.

Heel eerste moet Christene deelneem aan aardbewaring omdat ons geloof gegrond is op God as die Skepper van die hemel en die aarde. Die mens verkry die aarde om daarop gesonde lewens te lei, wat onmoontlik is, in ‘n ongesonde omgewing (Conradie, 2011:17). Dit is egter belangrik om daarop te wys dat die heers en onderwerp volgens die Hebreeuse vertaling nie met die persepsie van geweld en misbruik gepaart gaan nie, alhoewel White daaruit hierdie gevolgtrekking maak. Die woorde *kabaš* en *radah* word gebruik in Hebreeuse vertalings, wat onderskeidelik ‘onderwerp’ en ‘kurator/kuratorskap’ beteken (Wright, 2010:50). Kon White se opinie ongegrond wees en misverstaan word?

Om die aarde te onderwerp was heel waarskynlik bedoel in terme van landbou (om te bewerk). Die term wat gebruik word om te heers, en om daardeur outoriteit teenoor die skepping te hê, kan verkeerd geïnterpreteer word. Matteus 6:26 verwys na die voëls in die lug en dat God hulle voed, maar die neiging van die mens is om die aarde te versorg, vir die uitsluitlike doel dat die aarde aan die mens moet bly voorsien, skep ‘n verkeerde ingesteldheid (Conradie, 2011:18). Die versorging is ‘n Godgegewe outoriteit vir God se eie skepping. In Psalm 145 word God as Koning geloof deur die hele skepping. In die vorige hoofstuk is daar melding gemaak van die belydenis dat die mens geskape is na die beeld van God. Die beeld van God beteken ons moet navolgers wees van God. Die

beeld “imago Dei” beperk ons om soos God konings, en nie tiranne te wees nie (Wright, 2010:51).

## 2.2 Die imago Dei[3]

Om na die beeld van God geskape te wees beteken nie om te misbruik en ‘n arrogante oppermag te hê nie (White, 1967:1205). Die oppergesag wat die mens aan homself toereken is gegrond op die feit dat die mens dink ons is anders en beter as ander spesies en dit is dikwels gewortel in die Bybelse verklaring dat ons na die “beeld van God” geskape is. Dit moet onthou word dat die mens uit dieselfde stof van die aarde gevorm is as alle ander spesies, en dit maak ons deel van die natuur (Conradie, 2011:39). In Psalm 8 lees ons dat die mens deel is van die skepping, maar die mens het vervreemd van die skepping geraak en kom dikwels voor as toeriste eerder as inwoners. Die rol van die mens is verweef in en deel van die ekosisteem en die mens moet eerder as ‘n opspoorder optree wat pyn, nood en onreg raaksien en dit aanspreek. Dit sluit in die etos van liefde en geregtigheid in die Christelike tradise wat vra vir solidariteit met die armes, die onderdruktes en die gemarginaliseerdes (Conradie, 2011:20), maar ook met die hele skepping. Ons deel net in God se transendensie oor die aarde en die indruk dat die aarde net vir die mens geskep is, is vals. Die oppergesag teenoor die skepping moet verstaan word dat die aarde toevertrou is aan die mens se sorg.

Die belydenis dat ons na die beeld van God geskape is, is van besondere belang in die nadenke oor die skepping en die rol en plek van die mens binne die skepping. Deur die loop van die geskiedenis is dit wat dit beteken om na die beeld van God geskape te wees, egter op verskillende maniere verstaan. Die substantiewe verstaan is die idee dat daar sekere eienskappe binne die aard van die mens is wat ons met God deel. Die relasionele verstaan fokus op die ervaring van ’n verhouding tussen God en die mens, asook tussen mense (en, sou ons kon uitbrei, ook met die res van die skepping). Die funksionele verstaan lê weer klem op die rol wat die mens vervul (Erickson, 2013:456).

[3] Leith beklemtoon dat die kern aspek van die Christelike leer oor die skepping handel oor die karakter van die Skepper. Die Skepper is die God wat teenwoordig is in Jesus Christus en deur menslike ervaring geken kan word deur die mag van die Heilige Gees (1993:70). Die beeld van God is dus een van die belangrikste elemente van die skeppingsleer.

Die mens se geskapenheid na die beeld van God het veel eerder ‘n etiese impak (Vorster, 2017). As ons Psalm 8:7 lees kan daar ‘n antroposentriese houding ontstaan omdat die mens wel die hoogtepunt van organiese lewe is, maar daar is ook ‘n ontologiese verskil tussen mens en dier. Indien die skepping spesiaal net vir die doel van die mens geskape sou wees, wat van die nagenoeg 14 biljoen jaar van God se liefde teenoor Sy skepping voordat die mens geskape was (Conradie, 2011:55)? Kan ons werklik die morele waardesisteem van die dier en die mens nie gelykstel nie? Het deur, net na mense te kyk, sommige mense hoër waarde as ander, byvoorbeeld ŉ persoon met gewone intellektuele vermoëns bo ‘n persoon met gestremdhede? Sou die waarde van ‘n vis hoër as die van ‘n voël wees, of selfs bo fungi of plante? Het die mens die reg om die waardesisteem te bepaal of kan die waardesisteem van elke organisme nie bepalend wees ten opsigte van die rol wat elke spesie in die natuur mag wees nie? Dus word daar gevra vir ‘n meer holistiese benadering in die ekosisteem waarin hulle voorkom. Mens sou seker kon beweer dat diere mekaar se regte misbruik deur na die predator prooi interaksie te kyk. Dit is egter belangrik om ook te let op die instink van die spesie asook sy aard en natuur om te kan oorleef (Conradie, 2011:58). Die mens as heerser en opsigter het die intelektuele vermoë om instink te kan vervang met verantwoordelike optrede.

Die vraag sou ook kon ontstaan of plante, as lewende entiteite, van groter waarde sou wees as nie-lewende entiteite, soos byvoordeeld water of skoon lug? Alles in die natuur is in mekaar verweef en het hul eie waarde. So is daar waarde aan minerale en grond, want dit is interafhanklik van mekaar. Die natuurlike siklus in die ekosisteem sluit die aarde en alle lewende wesens en die trofiese vlakke in, van onder tot bo. Dit is in ‘n delikate balans, al neem die getal organismes in elke trofiese vlak af, maak dit nie die waarde daarvan minder nie. Die vraag ontstaan wanneer die mens moet intree, byvoorbeeld wanneer olifante oorneem en skade aanrig aan ‘n gebied wat se dravermoë oorskry is? Is die probleem die dier of eerder die mens wat die dier se habitat oorbenut vir homself en dit uitwis? Die inmenging van die mens veroorsaak die diskoers. Die aarde behoort aan die Here en daarom het alle wesens intrinsieke waarde en moet beskerm word (Conradie, 2011:67). Ons weet uit ons kennis van God dat God gelyke waarde heg aan alle mense ongeag jou ras, kleur, status, talente of rykdom (Conradie, 2011:67). Daar is ‘n rede waarom alle organismes geskep is, en ons weet van hul rolle in die delikate

ekologiese balans van die wêreld is, en tog het die mens die rol en doel van baie organismes se rolle versteur.

Psalm 104:30 wys op die intrinsieke waarde van alle spesies. Dit gaan nie net oor die intrinsieke waarde van spesies vir die mens se voordeel nie, al verskil die intrinsieke waarde van organismes, bly dit waar dat almal wel ‘n intrinsieke waarde het, en die mens dit moet beskerm. Dit geld vir alle vorms van lewe, en word nie bepaal vanuit die mens se oogpunt af nie. Die mens se verdraaide waardesisteem sien nie altyd die betekenis en rol van elke organisme nie raak nie. Selfs virusse, bakterieë, fungi en talle ander mikro organismes het ‘n belangrike rol (Conradie, 2011:74).

Eerbied vir alle lewe is spiritueel gegrond en kom alle wesens toe, en alle wesens het sy eie doel. Menslike lewe is belangrik vir God, maar ook in konteks met God se skepping (Wright, 2004). Alle spesies, diere, plante en die mens gebruik dieselfde biosfeer en bronne, maar met verskillende grade van impak of invloed (Wright, 2004). Die ‘*radah*’/onderwerp deel is vir die mens gegee, en nie vir ander spesies nie, en daarom vereis die heers of heerskappy deel geweldig baie verantwoordelikheid (Wright, 2004). God gee dus van Sy Koningskap oor aan die mens in die proses. Die vraag ontstaan dan hoe lyk die beeld van ‘n ware koning?

## 2.3 Heerskappy en koningskap

God as Skepper, Eienaar en Heerser van die wêreld het ‘n deel van God se allesoorheersende outoriteit aan die mens oorgegee volgens Genesis 1. Ons lees in die begin dat God Heerser en Koning is en die amp deel met die mens. God se Koningskap behels nie tirannie, uitbuiting en ‘n arrogante opperheersende gesagshouding nie. Die mens se verworwe koningskap moet dus ‘n refleksie van die karakter van God wees (Ps 115:16). Psalm 145 begin met “My God, o Koning” en in vers 9 lees ons van God se barmhartighede oor al God se werke, wat die skepping insluit. Psalm 145 beeld God uit as genadig, barmhartig, goed, getrou, liefdevol, vrygewig en beskermend, en dit is eienskappe van ‘n ware koning. Dieselfde eienskappe wat die mens as beelddraers moet uitdra (Wright, 2004 en 2010).

Conradie wys daarop dat ekologiese interpretasies van Genesis 1:28 in die meeste gevalle probeer om weg te beweeg van ŉ verstaan van heerskappy as oorheersing. Daarom word heerskappy dikwels interpreteer met die metafoor van rentmeesterskap (Conradie, 2011:85). Die konsepte van heerskappy, opsigterskap en rentmeesterskap is dus ten diepste met mekaar verweef. In die volgende hoofstuk word daar in meer diepte gekyk na die konsepte van opsigterskap en rentmeesterskap, terwyl daar hier slegs gefokus word op heerskappy, met die verstaan dat hierdie idees nie heeltemal van mekaar geskei kan word nie.

Volgens Conrade (2016) is sonde en die modernisme die wortel van die versteurde rol as heersers van die mens en dit veroorsaak ‘n omgewingsdiskoers. Die sonde sluit in morele tekortkominge, ‘n antroposentriese ingesteldheid, gierigheid, geweld en die vervreemding van die mens van die aarde. Dit alles dui op die gebroke verhouding wat die mens met die aarde het. Ekonomiese ongelykhede en ongelyke lewensstyle van die arme teenoor die welvarende veroorsaak verdere sosiale probleme wat ook voorkom as gevolg van kulturele faktore en sieninge.

Die mens se rol as heersers het verstrengel geraak van die vroegste tye af. Saam met die ontwikkeling en industrialisasie, die landbou rewolusie, asook die inligtings rewolusie het die oorbenutting van die natuur gevolg. Die mens weier om sy standaard van lewe te verlaag en hoe sou ekonome voel oor minder aardbewoners?Die bestaan van die mens en sy heers deur die ontdekking van moderne wetenskap saam met die “enlightenement” era van die 16 de en 17 de eeu, het sy tol geeis veral in terme van die uitbuiting van die natuur om te gebruik slegs vir sy bronne (Conradie, 2016).

Waarom sou sekere volke meer modern geraak het as ander lande soos byvoorbeeld Egipte? Het die meeste volke die tegnologie makliker uit eie keuse aanvaar? White (1967), beskuldig juis die Christelike geloof daarvan dat Christene die modernisering van nasies gewettig het, asook die feit dat Christenskap en Islam die mens die reg gegee het om moderne wetenskap sy vernietigende rol te laat speel in sovere dit gelei het tot wanbestuur van die omgewing. Die mens en alle gelowe moet deur ‘n ekologiese transformasie gaan. Die rol van die mens as heersers is versteur deur die sonde en dit veroorsaak ‘n siek gemeenskap. Die vraag ontstaan of die mens wel die aarde moet red as hulle die rol vertolk van die sogenaamde heersers?

Sonde het nie vir alle mense dieselfde betekenis nie, aangesien mense uit verskillende kulture kom en sekere oortuiginge het. Kom sonde voort as ‘n gevolg van ‘n tekort aan opvoeding, of ‘n oordrewe trots, gierigheid of die ontneming van die goeie (Conradie, 2016)? Sonde is primêr rebellie teen God, gewortel in die eie antropogeniese aard van die mens en dat alles wat nie menslike waarde het nie, geen ander intrinsieke waarde sou hê nie. Dit is naief en arrogant. Sou ander, nie-menslike organismes dan geen intrinsieke waarde hê nie? Die mens het self vanuit sy eie bestaan vooropgestelde waardes aan organismes gegee (Conradie, 2016).

Die versteurde rol as heersers se oorsprong is dus die sonde. Die mens het vergeet dat ons deel is van die aarde, en daarmee saam deel van God wat skep, en al Sy skepsels versorg. Die mens is dus deel van die skepping en nie bo die dinamiese veranderde kosmos nie. ‘n Kosmos wat ontstaan het en bestaan deur God se toedoen. Die mens verstaan nie sy rol as heersers in die natuur nie en dus vloei die algehele tekort aan respek vir alle lewensvorme daaruit (Conradie, 2016). Die mens verwar die reg as heerser deurdat hy bymekaar maak, oorbenut (veral ten opsigte van voedsel), geen matigheid toepas nie, maar beskou dit as ‘n reg om te hê en meer as genoeg te hê. Waar kom enige vorm van matigheid in en wanneer is genoeg, genoeg? Kan die aarde in die mensdom se uitermatige verbruikers sin voorsien (Conradie, 2016)?

Gierigheid het die rol van die mens as behoorlike heersers verdraai. Die verdraaide illusie wat die mens het dat geluk gebaseer is op akkumulasie en oorbenutting. Die mens wil hê nie omdat hy dit benodig nie, maar omdat hy dit wil hê, en daarmee saam ontstaan ‘n oorheersing, geweld en onderdrukking (Conradie, 2016)

Waarom sou die mens dan nie die vernietiging en oorheersing staak nie? Sou mens kon beweer dat as gevolg van sonde die mens ‘n gebrek het aan deernis het, asook net dienste verwag. Die ontkenning van die gevolge, menslike arrogansie en die neiging dat mens homself sien as ‘n afsonderlike spesie veroorsaak die misgebruik van mag.

Volgens Conradie (2016) het die mens se verhouding met die aarde een geword van “*mind – over – nature*” wat opbrengs ‘n paradigma van oorheersing maak sodat die natuur ‘n slaaf word vir die mens. ‘n Verhouding van ‘n rentmeester teenoor sy meester. Die natuur word die slaaf wat die mens nou moet dien en slawe is vervangbaar (Conradie, 2016)!

Die vervreemding van die mens teenoor die natuur plaas die rol van heers ook as dit van apart wees waar die mens homself as ekologies apart definieer. Nou word die mens gesien as deel van die groter prentjie en lewe op en nie saam met die aarde nie. Die mens se rol verander nou in die van ‘n bywoner en sien sy verlossing apart as eerder deel van die aarde wat lei tot ‘n oordrewe eskatologiese verwagting vir die ewigheid (Conradie, 2016)

Volgens Gnanakan (2006:111) is daar geen aanduiding in die Bybel wat enige uitbuiting van die skepping proklameer nie. As ons glo in God die Vader, die skepper van hemel en aarde glo ons dus dat God skep. God het dus ‘n aaneenlopende verhouding met die mens en Sy skepping (Ps 97:6; Ps 19:1). God is deel van die skepping as ‘n trasendente en alomteenwoordige God.

Die mens as beelddraers van God beteken ook dat die mens verantwoordelik God moet verteenwoordig in die skepping en so heers, en nie oorheers nie. As beelddraers moet ons, al het ons soewereine mag, geen uitbuiting toelaat nie. Die mag as beelddraers is ‘n voorreg en nie ‘n reg nie. Die beeld van God getuig mos van liefdevolle beheer, en die mag is nie ‘n outokratiese heers nie, maar ‘n produktiewe krag wat ander bemag om te lewe (Gnanakan, 2006:112)

Die mag wat die mens dus as beelddraers en heersers het, moet soos die van die “son en maan” wees, wat heers met sekere rolle, soos die son en maan ligdraers is (Gen 1:16). Dit is dus nie om destruktief te wees nie, maar regverdig om God te verteenwoordig (Gnanakan, 2006:112). As verteenwoordigers en draers van God se beeld, dui Gnanakan aan, moet heerskappy nie verstaan word in hiërargiese of outoritêre terme nie, maar eerder in verband met God se eienskappe en genadige optrede (2006:113).

Die mag van die mens mag nie lei tot uitbuiting nie en so net disharmonie met God en die skepping tot gevolg hê nie. Die feit dat die skepping ook deel is van die sonde bevestig die ineengeweefde skakel tussen mens en die skepping.

## 2.4 Heerskappy en antroposentrisme

Uit die bogenoemde bespreking is dit duidelik dat die konsep van heerskappy ten diepste een is wat die mens eerste stel; dit is in wese antroposentristies. Edwards pleit vir ’n Teosentriese verstaan van die mens se unieke status eerder as ‘n antroposentriese verstaan; hy beklemtoon dat alle skepsels in die Genesis vertelling in verhouding tot God uitgebeeld word (2006:19, vergelyk ook Bauckham, 2006:33). Daarom beklemtoon hy dat die verstaan van heerskappy oor die natuur dikwels verstaan is dat die mens sonder beperkinge mag kan uitoefen, dikwels ook met die aanname dat die aarde se bronne onuitputbaar is (Edwards, 2006:19). Vir hierdie rede, noem hy verder, is Christelike teologie dikwels skuldig aan onkritiese antroposentrisme (Edwards, 2006:19). Ook Harrison voer aan dat die verband tussen antroposentrisme en die ideologie van uitbuiting duidelik sigbaar in die geskiedenis is (2006:30).

Die Bybelse tradisie van heerskappy is nie een van genadelose uitbuiting nie, maar die bevel om te heers, dui Edwards aan, moet ook verstaan word binne die antieke konteks waar die natuur vreesaanjaend en onverstaanbaar kon voorkom en waar mense as blote slawe van die gode beskou is. Binne hierdie konteks is die opdrag om te heers een wat dui op die menslike roeping as ’n koninklike roeping, een wat menslike intelligensie, moed en arbeid vereis, wat veral ook verstaan moet word binne die konteks van God se koningskap en regering binne die model van ’n Herder en God se liefde en genot in alle skepsels en alle gedeeltes van Sy skepping (Edwards, 2006:20).

Om te ontken dat die mens se geskapenheid na die beeld van God enige aspek van antroposentrisme bevat, is vals, voer Bauckham aan; deur die mens se geskapenheid na die beeld van God verteenwoordig die mensdom God se regering binne die skepping. Ook prakties gesproke, het die mens die unieke mag om die res van die skepping te beïnvloed op ’n ander vlak as ander skepsels. Ons kan nie anders as om ons mag uit te oefen nie, selfs al is dit deur ons mag in te perk (2006:45-46). Die mandaat in Genesis is daarom ’n erkenning van hierdie mag en situeer dit ook binne die raamwerk van God se kreatiewe bedoelinge sodat die mensdom hierdie mag op ’n verantwoordelike wyse beoefen (Bauckham, 2006:46). Gnanakan dui ook aan dat daar dikwels te veel gemaak word van die spesiale status van die mens in die skepping en dat die beeld van God in die mens in terme van verantwoordelikheid, sowel as bevoorregting verstaan moet word; die mensdom het die voorreg om ’n morele en geestelike dimensie te ontvang wat dit vir

ons moontlik maak om kreatief op te tree, maar ons ook noop om met verantwoordelikheid teenoor die hele skepping op te tree (2006:113).

Die model van heerskappy, dui Hall aan, is een wat die menslike verantwoordelikheid onderstreep, en word deur God aan die mens gegee as ŉ heilige verantwoordelikheid wat ten diepte handel oor die verantwoordelike beoefening van mag (Hall, in Hiebert, 2000:150). Dit hou dus nouliks verband met die konsep van koningskap, soos vroeër bespreek.

### 2.5 Heerskappy as die beoefening van mag

ŉ Verdere belangrike aspek in van bespreking binne die konteks van die mens as heersers oor die skepping, is menslike mag oor die nie-menslike skepping. Bauckham verkies om te praat van menslike outoriteit of mag *in* die skepping eerder as *oor* die skepping, om daardeur ook ŉ element van die mens as skepsel te beklemtoom en weg te doen met die antroposentrisme wat vroeër in hierdie hoofstuk bespreek is (2006:32). Die heerskappy wat ter sprake is in die Genesis opdrag, wys hy uit, is binne die geskape orde en nie soos God se heerskappy, verhewe bo die skepping nie (Bauckham, 2006:32).

Dit is veral na die nalatenskap van Francis Bacon, wat die etiese verantwoordelikheid teenoor die skepping losgemaak het van die konsep van heerskappy, wat die beoefening van mag oor die skepping verstaan is as ook los van die natuurwette (Bauckham, 2006:42). Dit is ook ŉ kombinasie van die nalatenskap van Bacon en die beklemtoning van menslike kreatiewe mag sonder beperkinge, wat saam met die sekularisasie van die projek van heerskappy veral aanleiding gegee het, en steeds gee, tot kommersialisasie en ongetemde verbruiking (Bauckham, 2006:42). Die vervulling van menslike behoeftes is té ŉ eng verstaan van die beoefening van menslike mag binne die skepping, dui Bauckham aan (2006:42).

### 2.6 Gevolgtrekking

Volgens Conradie (2016) het die mens se sin van behoort in die aarde en God verlore geraak. Die God wat skep, versorg en verlossing bid vir al sy skepsels. Die mens het

vergeet dat hy deel is van die lewende, veranderde dinamiese kosmos wat sy begin en bestaan deur God het. Die konsep van heerskappy oor die skepping kan dus nie verstaan word los van die belydenis van die mens as rentmeester en opsigter oor die skepping nie. Hall, wat *Imaging God: Dominion and Stewardship* op uitnodiging van die Nasionale Raad van Kerke se Kerklike Kommissie oor Rentmeesterskap skryf, beklemtoon die Bybelse siening van heerskappy in die konteks van Genesis 1 gelees moet word vanuit die priesterlike verstaan van die mens in Genesis 1 en Psalm 8. Op grond hiervan bepleit hy dan vir ’n wegbeweeg van ’n hiërargiese verstaan van heerskappy ten gunste van een van eerder verantwoordelikheid beklemtoon (Hiebert, 2000:144-145). Ook Edwards verwerp die model van oorheersing wanneer heerskappy ter sprake is (2006:21). In die volgende hoofstuk is dit hierdie gedagte wat aan die orde kom, wanneer die konsepte van rentmeesterskap en opsigterskap in meer diepte bespreek word, ook veral teen die agtergrond van die konsep van heerskappy wat in hierdie hoofstuk uiteengesit is.

# HOOFSTUK 3

## Die mens as opsigters en rentmeesters van die skepping

"Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon" (Psalm 24:1)

### 3.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk is die konsep van heerskappy in die konteks van Genesis 1 bespreek, in besonder die aanhaling uit Genesis 1:26-27, waar God se: "Kom ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, en al die diere wat op die aarde kruip. God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep". Daar is ook beklemtoon dat hierdie konsep ten diepste verweef is met ŉ dikwels antroposentriese verstaan van die rol van die mens in die skepping, en dat die ander konsepte wat daarmee saamgaan, soos koningskap en die verantwoordelike beoefening van mag dikwels afgeskeep word ten gunste van ŉ beklemtoning van oorheersing, veral in die geskiedenis. In hierdie hoofstuk word die konsepte van rentmeesterskap en opsigterskap dan verder ondersoek as deel van die mens se rol en roeping in die skepping.

In Psalm 104 word ander karaktereienskappe van God ook geopenbaar, en dit is om te seën en te versorg. Volgens 1 Konings 12:7 behels koningskap ook om te dien, versorg en beskerm. Die koningskap beeld word vergelyk met die van 'n skaapwagter. Skaapwagters versorg en beskerm, misbruik en buit nie uit nie, en is dus verantwoordelike persone sonder sekere magte en regte wat hul hulself in arrogansie toesê. Die beeld van die skaapwagter is een van 'n vreedsame lewe en een wat nie sy skape verwaarloos of verkleineer nie (Wright, 2004). Die beeld van God as die skaapwagter en ons sy kudde word gereeld gebruik en dit is deel van God se koningskaperfenis aan die mens (Matt 18:11-13).

Die mens is nie die eienaar van die skepping nie, en die aarde behoort aan God (Eks 19:5, Jes 45:18, en Lev 25:23), soos vroeër bevestig is. Die aarde is dus net aan die

mens geleen (Ps 115:16). Alle lewende diere, asook die mens, het ‘n morele status, en die regte van diere is nie net dierewelsyn nie, en ons reg om diere te gebruik vir ons eie benodighede het perke. Dit kan ook die vraag laat ontstaan of diere morele oordeel en ʼn eie bewussyn het? Ons weet dat diere wel pyn en lyding kan ervaar. Ons het verantwoordelikhede en omdat ons diere besit, moet ons sorg dat ons hul regte raaksien en respekteer, en dit moet getuig van sorg en versorging, en diere is daarop geregtig. Die diere- regte beweging gee waarde aan diere en dit is dus duidelik dat alle spesies regte het. Die inherente waarde van diere moet raakgesien en beskerm word, en daarom het diere sekere basiese vereistes, soos water, voedsel en hul betrokke habitatte nodig. Diere het ook “menslike” eienskappe en daarom dus regte wat toepassings van lewe, beweging, voortplanting en bestaan behels.

Die waardesisteem van diere is gegrond op die feit dat diere pyn ervaar soos genoem en emosie wys. Diere raak bang, ervaar plesier en het ook ‘n natuurlike drang vir oorlewing, baie spesies het dus ook ‘n geheue en verlange na iets (vergelyk byvoorbeeld die studie van olifante in Conradie, 2011:70). Ons weet ook dat diere die vermoë besit om daadwerklike aksies uit te oefen of om hul eie doelwitte te bereik, en duidelik het diere ‘n besef van tyd, so ook plante wat op seisoenale siklusse reageer (Conradie, 2011:91). Elke spesie het ‘n Godgegewe reg tot uitdrukking en in ooreenstemming met sy natuur en die aarde moet erken word as ʼn lewende entiteit wat met respek en sorg hanteer moet word (Conradie, 2011:91).

God het aan die mens die opdrag van versorging (soos die skaapwagter beeld) toevertrou, maar God bly die eienaar van God se skepping! Die mens bly as opsigters verantwoordelik en moet sorg dat alle skepsels hul eie waarde kan uitleef en in sy eie habitat met die bronne tot sy beskutting kan uitleef. Die aarde is nie net vir landbou, myne en ontwikkeling nie, maar ook vir alle ander organismes om op te lewe (Conradie, 2011:86). Die bronne wat die mens op die aarde geniet mag gebruik word vir oorlewing en beskutting, maar dit behoort aan God, en ons bly verantwoordelik vir die gebruik daarvan. ‘n Verantwoordelikheid teenoor God en God se skepping wat alle skepsels gemaak het word vereis (Wright, 2004).

Verdere eienskappe van ‘n goeie koning, wat God uitbeeld as deel van God se eienskappe wat ons verwerf het, sluit in die versorging van swakkeres, magteloses, en om veronregtes te beskerm (Ps 72). Die skepping van God, wat tot ʼn mate onder die

beheer van die mens is, is soms swak en magteloos. Spreuke 31:8-9 getuig van hoe God se koningskap is, en dit openbaar kenmerke van getuienis, en om op te tree vir die wat nie vir hulself kan praat nie. Dit is dus is deel van God se taak aan die mensdom as heersers en opsigters (Wright, 2004). Ons lees ook in Spreuke 12:10 wat die gedrag van die mens moet wees: “Die regverdige ken die natuur van sy dier, maar die barmhartigheid van die goddelose is wreed”. Die woord “natuur” stem ooreen met *nepes,* ‘n Hebreeuse woord wat wys op die gevoel van die dier. Hier word duidelik melding gemaak van regte en verkeerde houdings teenoor diere. Die manier hoe mense diere en die skepping behandel verteenwoordig die verkeerde etiese houdings van die mens teenoor God se skepping (Wright, 2004).

Om verder as opsigters en rentmeesters oor die skepping op te tree moet ons ook kyk na die beeld van Jesus Christus. Jesus Christus se lewe was ‘n voorbeeld van ‘n dienskneg wees, en hoe ‘n dienskneg moet optree. ‘n Dienskneg het gedien en lief gehad, en ons moet so optree teenoor ons medemens en alle lewende wesens. Sou God nie ook van die mensdom verwag om dieselfde op te tree teenoor God se skepping nie? Die dienskneg houding is vir alle wesens! In Psalm 104 en 145 lees ons van voorbeelde van God se liefde vir al God se skepsels. In Psalm 104:16 lees ons van die “bome van die Here”, asook in vers 21 die leeus “begeer hul voedsel van God’. In dieselfde Psalm in vers 24 lees ons van “die aarde is vol van God se werke” en vers 31, “die Here is bly oor sy werke”. Wie is die mens dan om te vernietig? Ons lees in Psalm 145:16 dat God “alles versadig wat lewe met welbehae”, en in vers 21 dat alle vlees God se heilige naam loof vir ewig en altyd (Wright, 2004).

Die mens moet dus optree as dienaars van God se skepping. Die taak aan die mens was om te dien en te onderhou. Woorde wat in die Hebreeuse vertaling ʿ*abad* beteken, beteken om te dien, en nie oorheersing nie. Die Christelike beginsel van heers is “om goed te doen” (Fil 2:5-8), (Vorster, 2017). Die ander werkwoord *šamar* wat voorkom, beteken om veilig te hou en te beskerm. As dienaars moet ons God navolg en God gee aan ons *imago Dei*, wat beteken om soos God te wees en dit beteken om nie as wreedaarts en uitbuiters op te tree nie (Wright, 2010:51).

Die hele skepping, mens, plant en dier is gekape uit dieselfde grond en in Job 38 en 39 bestaan die mens *saam* met al God se skepsels, al is die mens die “heersers”. Die mens is ook net soos die res van God se skepsels alleenlik van God afhanklik vir beskerming

en sorg. Volgens Paulus in Romeine 8:21 sien ons dat die mens en die hele skepping uitsien na die herskepping, en dat die skepping, net soos die mens ook ly onder die val van die sonde van die mens (Vorster, 2017).

Vorster (2017), wys vir ons dat volgens die profesie van die profeet Joël daar klem gelê word op die omgewing en die ekologiese situasie. Joël 2:22 lê klem op die verhouding van God teenoor wilde diere. Wat beteken dit dan vir die mens dat die lewende God in God se Woord verwys na God se verhouding teenoor wilde diere? Het ons dan die reg om die natuur so uit te buit? Die mens en dier lewe van die opbrengs van die natuur, maar al gee God die mens die reg om van die diere te eet, is dit nogsteeds nodig dat ons respek vir lewende dinge moet hê. Nadat God vir Jona uitgestuur het na die stad Nineve toe het God ook aan Jona gesê, dat God ook die diere in die stad sal spaar (Jon 4:11). Die beteken dat God al God se skepsels raaksien en ‘n waarde aan hulle bestaan heg.

Die verdere versorging as opsigters van die skepping beteken ook glad nie dat diere misbruik moet word nie (Spr 27:23-27). Die versorging van die skepping is deel van die rentmeeskap gedeelte. Etiese kwellinge ontstaan rondom die hantering van diere, soos byvoorbeeld die wreedheid teenoor diere met eksperimente, die lot van plaasdiere, die groot vleisgebaseerde dieet van die mens, die gebruik en misbruik van diere vir die mens se vermaak, die winsgewende handel van wilde diere en produkte, genetiese manipulasie, sport en trofieë jag, stropery van diere, uitdunning van wilde diere en die swak bewaring van bedreigde spesies (Conradie, 2011:57). Die vraag ontstaan ook waarom daar so baie dierebeskermings instansies is wat na verwaarlose huis- en troeteldiere, die diere waarvoor mense bewustelik verantwoordelikheid geneem het, moet omsien?

In Eksodus 20:10 is God se gebooie, wat spesifiseer dat diere ook moet rus op die sewende dag (Eks 23:12). In Deuteronomium 25:4 lees ons dat ‘n dier (os) ook nie gemuilband mag word as dit dors het nie. In Deuteronomium 20:19 mag bome van stede, al was dit ook tydens oorloë, nie vernietig word nie. Die Here beveel ook aan Israel dat die land elke sewe jaar, die Sabbatsjaar, moet rus (Lev 25). Die land moes elke sewe jaar rus en dieselfde het gegeld vir slawe, diere en selfs die wild (Lev 25:3-7). Levitikus 25 het duidelike implikasies oor hoe die mens oor die ekologie moet dink (Vorster, 2017).

Volgens Vorster (2017) word daar in God se sesde gebod verwys na die omgewing. Die gebod “jy mag nie doodslaan nie” kan tog nie net op menslike lewens van toepassing wees nie. Doodslaan beteken om die lewe te neem van iets wat lewe. Diere en plante lewe ook en doodslaan beteken ook om die lewe weg te neem, asem en lewe wat deur God daar geplaas is (Gen 1:30). Die vernietiging van God se skepping is ‘n teken van die mens se disrespek en opstand teen God. Christene moet ‘n rentmeesterskaphouding teenoor die skepping hê en dit behels om die natuur met verantwoordelikheid te gebruik.

Die kulturele mandaat van Genesis 1:28 verduidelik dat die mens die skepping kan gebruik, en heers, maar die klem word eerder gelê om die skepping te gebruik vir oorlewing. Oorlewing behels nie die oordadige voedselsoorte, oordadige vermorsing, en eksotiese disse van byna uitgestorwe diere spesies en plantlewe nie. Genesis 2:15 en 9:1-13 wat handel oor God se verbond met Noag om die aarde te vul en bewerk, moet in konteks gelees word met die hele Bybel (Vorster, 2017). Binne hierdie konteks is ŉ Teosentriese benadering dan belangriker. Soos vroeër aangedui, argumenteer Edwards vir ŉ Teosentriese verstaan van die mens se unieke status eerder as ŉ benadering wat die mens as vertrekpunt neem. In Genesis word alle skepsels en gedeeltes van die skepping in verhouding tot God uitgebeeld (Edwards, 2006:19; Bauckham, 2006:33). Dit het ook dan implikasies vir die verstaan van die mens en die skepping.

### 3.2 Die verhouding tussen die mens en die skepping: Drie modelle

Soos aangedui, is die benadering wat gevolg moet word dan eerder ‘n Teosentriese benadering wat beteken om te versorg as deel van die uitvloeiing van geloof, as ‘n antropogeniese of eko-sentriese bandering. Verhoudings staan sentraal tot die konsep van rentmeesterskap. Berry dui aan dat rentmeesterskap daaroor handel om die versorg, met die erkenning dat ons dit versorg waarvoor ons omgee; onderliggend tot om omgee is ons verhoudings (2006:1). McCormick en Connors, in Vorster (2017) beskryf drie modelle wat gevolg moet word, wat die verhouding van die mens teenoor die skepping uitbeeld:

### 3.2.1 Die Koningskap model

Die eerste is ‘n koningskap model waar die mens heers oor alles (Gen 1:18). Die konsep van koningskap en heerskappy is vroeër in hierdie hoofstuk reeds bespreek. Die begrip kan egter daartoe aanleiding gee dat die mens apart van die aarde gesien word, en dat die mens in ‘n absolute heeskappy oor alle skepsels verval het, wat tans die geval in die wêreld is, waar koningskap verkeerd geïnterpreteer word. Volgens die model word lewende wesens ingedeel en in ‘n hiërargie geplaas, van die met oënskynlike meer waarde, teenoor ander wat minder belangrik sou wees. Dus die wat skynbaar van groter waarde is, het meer mag en beheer. Dit stem ooreen met die sterk patriargale siening van die antieke tyd. Die dominerende natuur van die mens is in die model duidelik, om te beheer van “bo” af ondertoe, langs ‘n klas of waardesisteem (Vorster, 2017).

Die meerderheid van ekologiese interpretasies van Genesis 1:28 probeer om weg te beweeg van die denke van heerskappy as oorheersing en die heerskappy word dikwels interpreteer met die metafoor van rentmeesterskap (Conradie, 2011:85). Conradie dui aan dat die opdrag van Genesis 1:28 nie gelees moet word as oorheersing of ŉ millitêre oorwinning nie, maar in terme van versorging, beskerming en diensbaarheid (2011:85). In hierdie sin is die konsepte van heerskappy, opsigterskap en rentmeesterskap ten diepste met mekaar verweef.

### 3.2.2 Die Rentmeesterskap model

Die tweede model is die een van rentmeesterskap. Erickson dui aan dat die Christen ŉ verantwoordelike rentmeester van God se skepping moet wees (2013:343). Berkhof bespreek ook die mens as rentmeester van die skepping en dui aan dat rentmeesterskap ŉ (gewoontlik bloot administratiewe) reëling is wat slegs vir ŉ bepaalde periode geld (2017:320). Binne ŉ verbondsverstaan van rentmeesterskap, is gehoorsaamheid aan die ware heerser van besondere belang.

Hiebert beklemtoon dat die model van rentmeesterskap veral in meer onlangse denke meer as ander modelle as ŉ opsomming van die Christelike verstaan van menslike roeping geag word (2000:143). Die wesenlike probleem van die metafoor van rentmeesterskap kan gevind word in die implikasie dat mense in beheer is van die natuur. Die tipe meester-dienskneg verhouding wat so ŉ begrip voorhou sal onwaarskynlik versorging en verantwoordelikheid tot gevolg sal hê (Northcott, 1996:129).

Rentmeesterskap behels nogsteeds ‘n hiërargiese dualisme wat die verhewenheid van die mens aanneem, maar met groter verantwoordelikheid vanaf die versorgers of rentmeesters se kant af. Die model is ‘n meer prominente model in Christelike tradisies. Alhoewel daar verskeie punte van geldige kritiek ook teen hierdie model sou kon wees, so aangedui, voer Conradie steeds aan dat die waarde daarvan nie ontken kan word nie (2011:90). Die model sou meer ooreenstem met die Skrif, maar die diepe verhouding tussen die mens en die skepping kom nie duidelik na vore nie.

Die tekortkoming dus van dié model lê daarin dat daar nie genoeg klem gelê word op die verwandskap en verbintenis wat daar moet wees tussen die mens en die skepping nie (Vorster, 2017). Ook Bauckham dui aan dat die verstaan van rentmeesterskap om die beoefening van die mens se mag in die skepping aan te dui dikwels slegs ʼn ander vorm van heerskappy aanneem aangesien dit steeds gewortel is in antroposentrisme en die mens as verhewe bo die res van die skepping onderstreep (2006:43).

ʼn Verdere sterkpunt van hierdie model is egter dat dit die konsep van geregtigheid op ʼn formele vlak bybring tot die verhouding tussen die mens en die natuur; as ʼn rentmeester tot God as Koning, het die mensdom die wetlike verantwoordelikhede om die aarde op ʼn regverdige en geregverdige wyse te administreer sonder wreedheid (Bauckham, 2006:43).

Conradie verwys na Hall, wat die volgende vyf dimensies van rentmeesterskap identifiseer:

**Teologies**: Die skepping waarna die rentmeester omsien behoort aan God;

**Christologies**: Jesus Christus vervul die amp van rentmeester en dien as die ideale voorbeeld;

**Ekklesiologies**: Die kerk is ʼn gemeenskap van rentmeesters;

**Antropologies**: Die roeping van rentmeesterskap behoort aan alle mense; en

**Eskatologies**: Die lewe van ʼn rentmeester is een met ʼn bewussyn van die komende Einde (Conradie, 2011:85).

### 3.2.3 Die verwantskap of "kinship" model

Die laaste model is een van "kinship" of verwantskap. Dit wys op die feit dat die mens, die natuur en al die skepsels gesien word as metgeselle van mekaar in die skepping. Daar is dus geen rangorde van ontologiese waardigheid ter sprake nie, maar dat alle elemente geintegreer is in die lewe as 'n geheel. Volgens die model moet daar geen skeiding tussen mens en die natuur wees nie, asook geen dualisme of rangorde nie. Daar moet mutualistiese verhoudings tussen die mens en die natuur wees. Die mens bly verantwoordelik teenoor God ongeag die model.

Wanneer dit ernstig geneem word, het ons verwantskap met die res van die skepping besondere impak (Erickson, 2013:447).

Die verskil tussen die laaste twee modelle is delikaat. Die mens is die rentmeester in die skepping en bly verantwoordelik teenoor God in sover dit gaan oor die versorging van die skepping. Die koningskap amp is dus ook verantwoordelik teenoor God, en die plig van die mens as koning sal wees om die aarde te beskerm teen die sondige natuur wat die gevolg van die sondeval was (Vorster, 2017).

Volgens Cooper (2009) is alles wat die mens is en besit 'n gawe van God, en sal vir die gebruik daarvan voor rekenskap geeis word. Christelike rentmeesterskap wys daarop dat alles wat die mens het en is genade van Bo is en nie deur die eie toedoen is nie. Cooper (2009) bespreek n paar teologiese sienings. Eerstens die teologie van skaarsheid wat daarop wys dat die aarde se bronne beperk is, en die feit dat mense ongelyke toegang tot die bronne het. Tweedens noem Cooper (2009) die teologie van voorspoed waar sommiges beweer dat dit net getroue volgelinge van Christus is wat voorspoedig sal wees, maar daarmee saam ontstaan die vraag hoekom baie getroue Christene dan ook armoede en sieke ervaar?

Volgens Cooper (2009) is daar ook die teologie van oorvloed (Joh 10:10 en Hand 2:44), maar dit is nie oorvloed ten koste van ander organismes nie. Dit moet gesien word in die lig van die feit dat God die seën wat hy wil; met ander woorde ook nie as 'n antroposentristiese belydenis nie.

In Genesis 2:15 word gesê: "bewerk en bewaar". Die Hebreeuse woord "*shamar*" beteken om te onderhou "to keep". Dus is die mens as kurator en die rol impliseer versorg en

beskerm (Gnanakan, 2006:116). Die klem lê dus nie as verbruiker nie maar eerder versorger en opsigter. Die doel is nie om te versorg sodat die mens net voordeel daaruit kry nie, want dit onderstreep die antropogeniese gesindheid. Dit is eerder 'n biosentriese siening wat leer dat alles in die lewe 'n gelyke waarde het. Die aarde as ekosisteem moet gewaardeer word vir sy eie intrinsieke waarde en nie net versorg word om te bly voorsien aan menslike behoeftes nie (Gnanakan, 2006:116).

Die wêreldsiening moet meer biosentries word, en die besef moet daar wees dat geen spesie ten koste van 'n ander kan voorleef nie. Alles wat God geskape het, het waarde en bestaansreg. God vereis daarom verantwoordelikheid vir alles in die skepping en alles in die skepping het 'n plek en orde. Die natuur bestaan uit vaste siklusse wat 'n bepaalde waarde het en wys dat alles onderling en interafhanklik is, en daarom behoort daar 'n Teosentriese neiging te wees wat wys dat alles rondom 'n transendente middelpunt beweeg (Gnanakan, 2006:119).

God is die transendente wese as Skepper en daarom verwys rentmeesterskap na ons posisies en rol binne die skepping. Die rol van 'n rentmeester dui op 'n verhouding met God, wat ook in verhouding staan met alle skepsels, insluitende nie-menslike organismes (Gnanakan, 2006:120).

In die Ou Testament is 'n opsigter iemand wat oor 'n huis is (Gen 43:19 en 44:4). Die Nuwe Testament is die opsigter "epitropos" (Matt 20:8), en dit is die wat sag voorkom en respekteer en die wat vertrou word as opsigters of kurators. Die woord "oikonomas" kom voor in Lukas 16:2-3 en 1 Korinthiërs 4:1-2 en verwys na 'n bestuurder of toesighouer. Die rol verwys na die verhouding binne die huis en vereis verantwoording. Net soos Christus na sy eie huis kyk op die kruis moet sy volgelinge ook toesighouers wees (1 Kor 9:17) (Gnanakan, 2006:120).

Volgens Gnanakan (2006:120), vereis die regte houding harmonie, eenheid en suiwerheid in God se skepping. Daarom moet die regte van skepping eerbiedig word, en is beskerming noodsaaklik.Ekologie wys op 'n onderlinge verwantskap en die wanbelans deur die mens se toedoen skep 'n gevoel van angs deurdat die skepping sleg behandel word deur sy toesighouers. Die vraag ontstaan of die skepping en sy bronne bewaar sal bly vir die toekomstige generasies (Gnanakan, 2006:120). Weereens moet die klem geplaas word op verantwoordbare lewenstyle. Materialisme het net verwoesting tot

gevolg; daar is genoeg hulpbronne vir almal op aarde as ons dit met mekaar sou deel en dit nie alleen vir onsself sou opeis nie. Die geintegreerde bestuur van nasies en volke onder mekaar is noodsaaklik.

Alle regte en voorregte is vir God se mense en moet dui op ‘n gemeenskaplike reg tussen die natuur en die bewoners. Ons besef dat bronne nie onbepaald beskikbaar gaan wees nie en daarom moet die regte van die toekomstige generasies ook inag geneem word (Gnanakan, 2006:120).

God vereer die mens met die verantwoordelikheid om rentmeesters en opsigters te wees vir die skepping en daarom moet ons God vereer, omdat God ons vertrou om om te sien na alle skepsels. God maak staat op mense se integriteit, waardigheid en verantwoordelikheid (Gnanakan, 2006:120).

ʼn Christelike etiek van lewe is een van rentmeesterskap en diensbaarheid in diens van God. Dit behels ‘n waardesisteem waar die natuur gebruik, en nie misbruik word vir sy goedheid en skoonheid nie. Psalm 8 beskryf ware rentmeesterskap, asook die glorie en majesteit van God in die lig van die taak van die mens (Vorster, 2017). Die gebruik van die skepping is onderhewig aan die instandhouding, versorging en die glorie van God soos ons God beleef en herken in God se skepping. Die eie mens of die antroposentriese uitbuiting van die mens wys op die mens se ongehoorsaamheid teenoor God (Vorster, 2017).

Die eerste gebod van God is “jy moet die Here jou God liefhê”. As mens iets of iemand liefhet dan ontferm mens jou teenoor dit wat aan die persoon behoort. Ons het gesien in die Woord van God dat die skepping aan God behoort en as ons God liefhet moet ons ook God se skepping versorg en beskerm as deel van ons liefde vir God (Wright, 2010). Dit is nie moontlik om God lief te hê en dan God se skepping te misbruik nie. In Johannes 14:15 sê God: “As jy my lief het, onderhou my gebooie”. In Eksodus 20 lees ons van God se gebooie, en in vers 11 lees ons ook dat God die hemel en aarde gemaak het, en daarom moet ons liefdevol teenoor God en God se skepping wees met dieselfde deernis waarmee God ons liefhet (Joh 3:16). Ons liefde moet dieselfde deernis teenoor God se skepping openbaar (Ps 145:9).

As ons sien hoe God sy skepping versorg, byvoorbeeld die voëls (Psalm 84:4) en in Psalm 145:16 versorg God alles wat lewe met welbehae; hoeveel te meer moet ons ook nie as mense versorg nie. Die karaktereienskappe van God is juis om al God se skepsels te versorg (Ps 145). Die regverdige beskerm en sien om na die armes en weerloses (Spr 29:7; 12:10), en sien ook die nood en weerloosheid van diere raak (Wright, 2010). Ook hier word dit duidelik dat geregtigheid ŉ belangrike element is van die konsep van die mens as rentmeesters oor die skepping, soos ook vroeër beklemtoon. ŉ Verdere belangrike aspek wat na vore kom in die nadenke oor die skepping en veral dan ook die rol en roeping van die mens in hierdie verband, is die doel van die skepping.

### 3.3 Gevolgtrekking: Die doel van die skepping

Die doel van die skepping is om God te verheerlik, selfs die bome van die bos (1 Kron 16:31-33; Erickson, 2013:340) verheerlik God. Die skepping is dus primêr vir God en die doel van die mens is om God se intrument daarin te wees. Dit sluit in die diere, visse, voëls en alle ander skepsels, asook plante en alles wat lewe. Dus behoort die aarde ook aan die diere en ander organismes! In Psalm 104 lees ons van die lied van die skepping. God gee waarde aan die skepping en God gee ‘n opdrag vir die mens met die skepping, en so het die versorging van die skepping sy eie mandaat en geldigheid.

Die voordeel vir die mens sou wees dat ons ons eie voedselsekeriteit bevestig en sorg dat die aarde volhoubaar bly en dat die bronne met verantwoordelikheid bestuur word. Die gevolg daarvan behoort te wees die bewaring van spesies wat bydra tot die diversitieit van die aarde wat op sy beurt sorg vir die voortbestaan van die mens en alle ander spesies (Wright, 2004).

Die mens se uniekheid volgens Wright (2004) lê daarin dat die mens na die beeld van God geskape is en alle ander spesies ondergeskik aan die mens is (Ps 8:5-6), asook die feit dat menslike lewe ‘n sekere “heiligheid” het (Gen 9:4-6). Die hele skeppingsverhaal getuig egter daarvan dat alle lewe vir God belangrik is, en om nie lewe te misbruik ten koste van ander spesies nie. In Matteus 6:26 lees ons dat die mens meer waarde het as ander spesies, maar dit beteken juis dat ander spesies dus ook waarde het. Die teksvers sê ook dat God die voëls van die hemel voed en ook ander diere. Duidelik is daar dan waarde wanneer die lewende God, die skepper van die hemel en aarde homself aan die

voeding van voëls verbind. Die mens as opsigter en heerser het ‘n sekere prioriteit bo ander, maar die vraag ontstaan of dit van krag sou wees en ons dit evalueer teen die agtergrond van omgewingskwessies en diereregte.

Die rol en roeping van die Christen sluit in die versorging van die omgewing, asook die versorging van die mensdom self. As opsigters moet daar gekyk word na slawerny en enige vorm van uitbuiting, ongelykhede, armoede en die beskikbaarheid van aardse bronne vir alle mense. Tans neem die mens weinig verantwoordelikheid vir besoedeling, vernietiging van woude, vernietiging van voedsame grond, verlies van dier- en plantspesies, verlies van biodiversiteit, uitbuiting van dierspesies vir sekere medisinale waarde, vernietiging van die osoonlaag en die toename van kweekhuis gasse. Die vraag ontstaan hoe God sal reageer teen die misbruik van Sy skepping? Volgens die Bybel weet God selfs as ‘n mossie aarde toe val, dus watter reg sou die mens hê om die omgewing so te misbruik (Wright, 2010)?

Wat is dus die oorhoofse doel van God met die mens en die skepping? Dit is nie net die verlossing van die mens nie, maar ook die redding van die hele skepping. Holisties gesproke is God se doel die verlossing van die mens, maar ook so vir die hele skepping (Kol 1:20). Christene wat reageer op God se versoek deur ook na alle ander skepsels in die natuur om te sien dra by tot God se raamwerk en doel met God se skepping en God se missie vir die toekoms. Ons as gelowiges ervaar die gewaarwording van God se hart teenoor Sy skepping (Wright, 2010).

Die mens het die sin van ons bestaan en die doel van die skepping en tot God verloor. God verlos die wêreld en al God se skepsels en die mens is deel van die lewende, veranderde dinamiese kosmos wat in God sy begin en totstandkoming tot gevolg het. Die ekologiese etiek van die Christen sal ‘n meer prominente rol moet speel. Die ekologiese inpak van die mens sal ‘n ander perspektief moet kry en die ekologiese rol van die mens sal moet deel word van die ekosisteem self. Die natuur smag self soos die mens, na die nuwe hemel en nuwe aarde. Daarom moet die ekskatologiese beginsel van die natuur in ooreenstemming met die mens ook bestudeer word. Die natuur is ook blootgestel aan die onvolmaaktheid wat meegebring is deur die sondeval van die mens. In die volgende hoofstuk word hierdie ekologiese aspek verder bestudeer wanneer Christelike ekologiese etiek aan die orde kom as deel van die mens se roeping as opsigter en rentmeester van God se skepping.

# HOOFSTUK 4

# Christelike Ekologiese Etiek:

### Wat vereis God van die mens in die skepping?

"Want die aarde word ontheilig onder sy bewoners, want hulle het die wette oortree, die insetting geskend, die ewige verbond verbreek"

(Jesaja 24:5)

## 4.1 Inleiding

Verlossing is nodig: nie net van die booshede van die aarde nie, maar ook verlossing vir die aarde. Die Christelike geloof het miskien te veel klem gelê op die redding van die siel van die wêreld, en moet transformeer in 'n meer ekologiese geloof. Soos vroeër bespreek, weet ons dat volgens White (1967:1205), die Christendom baie bygedra het tot die ekologiese probleme van vandag, waar daar egter uitsluitsel in die verband gegee is. Teologiese verwarring moet geensins 'n bydraende faktor wees vir die miskenning van omgewings sake en etos nie (Conradie, 2011:121). White het egter ook aangedui dat aangesien die oorsaak van die ekologiese probleme godsdienstig van aard is, die oplossing of respons daarop dan ook godsdienstig van aard moet wees (in Berry, 2006:5). Dit maak dus sin dat die nadenke oor ekologiese kwessies ook vanuit die Christelike etiek benader word.

Die vraag ontstaan aan wie die lug, water en bronne wat gebruik word behoort en wie het alleen eienaarskap? Wat behoort aan wie en wat is gemeenskaplik? Die mensdom tree selfsugtig op en so eien lande en volkere sekere bronne op as hul eie. Die feit bly staan, die planeet het beperkinge en besit nie onuitputbare selfonderhoude sisteme wat vir altyd vir almal beskikbaar sal wees nie. Westerse bevolkings is verantwoordelik vir grootskaalse uitbuiting van bronne en die populasiegroei is nog 'n bydraende faktor. Die antroposentriese oriëntasie van die mens lê klem op die feit dat die aarde, volgens die mens, die besitting van die mens is, terwyl die Bybel vele kere, en veral in Psalm 24, verduidelik dat die aarde en sy skepsels aan God behoort.

Ontwikkelde lande se ekologiese voetspoor is buitensporig teenoor ander ontwikkelende lande. Die probleem met geregtigheid en gelykheid is dat dit nie bestaan nie. Die armste

bevolkings het baie uitdagings en die welgesteldes baie aanpassings sodat almal ‘n moontlike kans op ‘n redelike bestaan in die wêreld kan hê. Daar behoort ‘n solidariteit onder mense en skepsels te wees, wat ‘n regverdige verbruik van bronne insluit. Die voetspoor wat die mens op die omgewing laat dui op sy invloed op die aarde as gevolg van ontwikkeling, en daarmee saam sy ekologiese voetspoor wat ‘n aanduiding is van die produktiwiteit in terme wat die aarde bied, asook om die afval te absorber. Die kumulatiewe gevolge van die mens se invloed op die aarde is die globale verskynsel van ŉ nuwe geologiese tydvak wat sommige die antroposeen noem (Sanderson et al., 2002:891).

Die kwaliteit van lewe is veel meer as die kwantiteit van dinge, máár om dit by die mens tuis te bring, waar besit en kapitalisme ‘n bebuidende rol speel, sal baie besinning kos. Prediker 9:7 sê:” Gaan dan heen, eet jou brood met vreugde en drink jou wyn met ‘n vrolike hart”, en dit dui op die eenvoud van die lewe. Ons lees van die basiese behoeftes van die mens wat noodsaaklik is, en dit sluit nie vele eksotiese disse, en onnodige oormatige verbruik in nie. Die siekte van die Westerse lewe is onnodige oorvloed en vermorsing. ‘n Chinese restaurant het in warm water beland nadat hulle hul klante geweeg het voordat hulle kos bestel het, om ‘n leidraad te verskaf oor hoeveel voedsel om te bestel en daarmee vermorsing te probeer verhoed (BBC Nuus “*China restaurant apologises for weighing customers*”).

Die belangrike dinge in die lewe is verniet, soos liefde, sosialisering van familie en vriende en dankbaarheid. Daar moet ‘n daaglikse waardering en ingesteldheid wees van dit wat die lewe en die skepping bied as ‘n gawe en nie ‘n gegewe nie, al kan die mens alles “bekostig”. Jesus Christus se lewe was nie ‘n weerspieëling van oorvloed of ‘n uitvloeisel van welgesteldheid nie. Daarmee saam weerhou God nie God se goedheid van die mens nie (1 Tim 6:17-19). Die Covid-19 pandemie het heelwaarskynlik tog bygedra om die positiewe gevolg van familietyd te beklemtoon. Daarmee saam het baie mense besef dat daar met soveel minder aardse dinge klaar kon kom, maar die besef van menslike interaksie en die gevolg van sosiale inperking kon gevoel en beleef word. Daar was ‘n inperking op rojale lewenstyle asook die tendens om terug te keer na die eenvoudige.

Die ekologie en instandhouding van die wêreld se bronne is gekoppel aan die kapasiteit om te kan onderhou, dus die dravermoeë van die aarde. Die atropogeniese invloed van die mens is ongegrond, aangesien die wêreld miljoene jare reeds voor die mens bestaan

het en die natuur en lewe selfonderhoudend was. Die impak van die mens op die aarde moet die wees van rentmeesters en dienaars van die Gees op aarde. Daar moet ‘n diepe deernis vir alle lewe wees en daadwerklike pogings veral deur mense in beheerposisies om te bewaar en te beskerm, dus ‘n visie van transformering en nie net onderhouding nie. Die mens moet in vennootskap met die skepping wees (Conradie, 2011:92). Die aarde behoort steeds aan God.

Die Christelike ekologiese etiek volgens Conradie (2011:3), sluit twee afdelings in, wat die verbond en die sakramente is. Die verbond dui op die verhouding van die mens met die aarde. By die Wêreld Konvokasie in Seoul in 1990 is vier verbonde identifiseer in hierdie verband, wat gefokus is op ’n regverdige ekonomiese orde, sekuriteit vir almal in nie-geweldadige kulture, kulture wat met die integriteit van die skepping leef, en ’n einde aan rassisme en diskriminasie (Conradie, 2011:73). Die skramentele afdeling bou voort op die patristiese en middeleeuse tradisies van mistisisme en fokus veral op die eskatologiese dimensie, ‘n ekstatiese nagmaal met die aarde (Conradie, 2011:3). Die mens is meer deel van die natuur as wat die natuur deel van die mens is en daarmee saam is ons meer afhanklik van die aarde as wat dit van ons is (Conradie, 2011:61).

‘n Ekologiese teologiese uitgangspunt moet duidelikheid gee oor wat die plek van die mens in die natuur is. Die rentmeesterskap behels nie ‘n menslike oppergesag nie, en stel nie die mens bo nie-menslike spesies as verhewe nie. Die rentmeesterskap verhouding is heilig in die ekologiese sfeer en verlang ‘n Christelike etos. Die geskenk van die aarde aan die mens (Ps 24) is gegee deur God (Ps 50:10-12) en die versorging daarvan is ‘n Goddelike opdrag (Jes 42:5-7). Omdat die skepping ‘n geskenk van God is, het die aarde ‘n intrinsieke waarde. Gesien in die lig dat die mens eers baie later in die bestaan van die aarde skep is, is die mens dus ‘n sekondêre toevoeging in die tydlyn van die bestaan van die aarde en slegs nog ‘n organisme, waarvan die toegevoegde waarde meestal nadelig is. Sommige mense sien in die rentmeesterskaprol wat die mens betree, God as ‘n afwesige verhuurder waar die mens beheer moet uitoefen en God se teenwoordigheid in die wêreld gesien word as bemiddel deur mense (Conradie, 2011:81).

Wat behoort die rol van behoorlike versorging dan te wees? Daar is basiese Christelike kardinale deugde wat deel vorm van Christelike wysheid wat ‘n rol speel in ekologiese betrokkenheid van die mens. Dit sluit in waardes van matigheid, voorsienigheid, waaksaamheid en omsigtigheid in. Omsigtigheid is veral belangrik om vas te stel wat die

ongewenste gevolge van handelinge sou wees. Omsigtigheid vereis kognitiewe insette. Die "Onse Vader" gebed praat van "op die aarde soos in die hemel" en dit sluit in God se werk en ekonomie, beskryf in die Tora as die bestuur van God se eiendom deur die mens. God se teenwoordigheid op die aarde sien ons in die bestaan van lewe (al sou dit die oerknal teorie insluit). God verskaf die asem aan die bewoners en skep uit niks (Jes 42:5; 45:18). God se teenwoordigheid word op alle vlakke van die wêreld gesien wat 'n positiewe of negatiewe invloed kan wees. In die ellende wat deel is van die aarde, as gevolg van sonde, bly God teenwoordig en so ook bly God se redding deur Jesus Christus. God se teenwoordig bly ook sigbaar in Israel se verhaal deur bemiddeling en genesing. Die omgewingskrisis is die manifestasie van menslike sonde wat ook manifesteer in oorheersing oor die skepping, ras, klas, geslag, kultuur en opvoeding (Conradie, 2011:62).

Die hele raadsplan van God is nie net die verlossing van die mens nie, maar ook die redding van die skepping, wat 'n onselfsugtige gebaar van die mens verlang. God is vol deernis en liefde vir alles wat God gemaak het (Ps 145:9,13,17). Deurdat die mens die omgewing versorg toon die mens die beginsel van omsien na die swakkeres en magteloses. Psalm 145 plaas God se sorg vir die skepping parallel teenoor die aksie van die mens. Die regverdige ken die regverding van die swakkere en arme en so ook die nood van die dier (Spr 29:7; 12:10; Wright, 2010).

As gevolg van die mens se ongehoorsaamheid en sondeval is die hele fisiese omgewing ook benadeel en is die grond wat aan Adam gegee is ook vervloek in Genesis 3:17. Die invloed van die mens se sonde is deel van die hele aarde en daarmee saam is die verhouding versteur en beleef ons die natuur as vyandig (Genesis 3:17-19; 9:2). Dus is die skepping uit sy eie vervalle? Sou daar êrens in die skepping 'n morele negatiwiteit wees wat in die skepping werk? Kan ons dan beweer dat God se vloek en straf ontologies deel van die aarde is, of is die vloek net teenoor die mens en sy verhouding tot die aarde (funksioneel)? Volgens Wright (2004), is daar sieninge dat die ontologie van die vloek op die aarde van vroeg af teenwoordig was, deur die voorkoms van natuurlike vernietigende fenomene soos aardbewings, en uitsterwing van spesies ensovoorts. Duidelik weet ons dat hierdie fenomene teenwoordig was op die aarde voor die skepping van die mens. Volgens palentoloë en geoloë was die aarde baie meer onstabiel voor die mens dit bewoon het. Ander beweer dat predasie en karnivorisme die uitvloeisel van die sondeval

was, maar ons weet ook dit was deel van die vroegste aardste bestaan. Ons weet volgens Genesis 1:30 dat plante voedsel vir diere en die mens was. Wright argumenteer dat diere slegs mekaar begin eet het met die sondeval as ‘n resultaat daarvan dat die skepping begin rebelleer het teen God, en dit was nie deel van die natuurlike oorspronklike orde nie. Die sonde of boosheid kom dus saam met die feit dat die skepping onvolmaak was voordat die mens geskape was (Wright, 2004).

Sou ons kan sê dat die aarde nog altyd vervalle was, en die boosheid nog altyd in die natuur was? Wanneer mens die wreedheid van die natuur en die vyandigheid van die natuur teenoor die mens (byvoorbeeld die werking van bakterieë, virusse en aardbewings ens) self beoordeel, sou ons kon sê die aarde is “amoreel” (geen reg of verkeerd), eerder as immoreel (die kat wat die muis vang)? Sal ons dit sien as ‘n onvolmaaktheid en onvolledigheid in die skepping, of God wat die skepping verlaat het sonder verdere kreatiewe doele (Wright, 2004). In Jesaja 42:5-7 en Psalm 147:4-18 lees ons egter dat God sorg vir Sy skepping. Ons lees ook in Jeremia 2:7; 16:18 en Jesaja 24:5 en 6, dat die mens die grond en aarde ontheilig. Ons lees ook dat die ganse skepping uitsien na die verheerliking van God se Woord en Christus se wederkoms.

God se vloek was vir vervallenheid van die grond. Die woord “*adama*” dui aan dat die vloek nie vir alles op die hele aarde was nie. Die woord “*eres*” sou die hele aarde insluit. Die grond verteenwoordig dus die habitat en produktiwiteit van die mens. In Genesis 3:18 lees ons van die “dorings en distels” wat die grond sal voortbring en in die “sweet van jou aangesig” die funksionele aard van die vloek. Die uitwerking van die sonde van die mens sal gevoel word in ons stryd om te bestaan en in ons afhanklikheid van die grond (Genesis 5:29) en (Wright, 2004). Ekologies gesproke is die mens dus verantwoordelik om die grond te bewerk en voedsel voort te bring vir ons bestaan. Tans is daar oorbewerking en onproduktiewe landbou tegnieke en word die grond verarm en dus vernietig sodat dit geen positiewe bydrae gelewer kan word vir die bestaan van plant, dier of die mens nie. Ontbossing en die mynbedryf vernietig ekologiese biome en so ook landbou wat op grootskaalse vlak plaasving. Daarmee saam word ook habitatte en biodiversiteit van spesies vernietig. Die ontwikkeling van die mens en oorpopulasie bring vernietiging van die omgewing, wat weer die ekologiese siklusse van die natuur en diere asook plantlewe beinvloed en vernietig.

Die verbond met Noag dui die begin van ‘n nuwe era aan in die skeppingsverhaal (Gen 9). Die mens is nou universeël verbind met alle lewe op aarde. In die verbond met Noag is die mens gelykstaande aan die ander skepsels en word alle skepsels aan God as die Skepper verbind. Duidelik in Genesis 9: 1-6 lees ons van ‘n wederkerigheid tussen die mens en die dier se verhoudings. Die verhouding word egter verbloem deur die feit dat die mens toestemming kry om vleis te eet. Dit is egter duidelik in Genesis 9:8-17 dat God ‘n verhouding sluit met ALLE lewende wesens, beide mens en dier, wat ‘n ewige verbond aandui, (Lev 26:3-6; Jes 54:9-10 en Jer 31:35-36). Die visuele beeld van die gebrokenheid van God se verhouding met Israel was te bespeur in die verlies van hul grond tydens die Babiloniese ballingskap wat begin het in 587 v.C. Volgens Wright (2004), moes Israel en alle volke ‘n ekologiese verantwoordelikheid hê in die rentmeesterskap van die aarde, wat ons moet bewaar. Die skeppingsorde waarna die skepping strewe is deel van alle organismes. Ekologiese etiek is te antropogenies en moet getuig van die regverdige aksie van God in die skepping en verlossing (Wright, 2004).

God sal in Sy Ewigheidsdimensie wel ‘n nuwe skeppingsorde gee en die mens is slegs oppassers en ook verplig tot etiese gehoorsaamheid. Dus is die mens deel van ‘n ewigheidsdimensie? Ja, ons is definitief deel van die skepping en deel saam met alle spesies in God se verlossingsplan. Die wêreld is gegee as ‘n geskenk, alles is steeds God se eiendom (Wright, 2004).

God is besig met ‘n voortgaande skeppingsproses in die lewe van die gelowige (Kol 1:13-20). Die herskeppingsproses is nie ‘n mensgedrewe strewe na verbetering nie, maar ‘n persoonlike betrokkkenheid van die Skeppergod. Daarmee saam was die eerste skeppingsproses nie minderwaardig nie, en sien ons uit die primêre skepping God se beeld (Rom 1 en I Kor 8:6). Die eerste skepping was verganklik en voorlopig (Rom 8:18-23). Die hele skepping sien gretig en met verlange uit na eendag en ons lewe tussen “alreeds” en “nog nie”. Duidelik sien ons God in die eerste skeppingsgebeure, en moet ons God eer en dank vir die skepping en nie die skepping as sulks vereer nie; “Nêrens word die skepping vereer nie, maar altyd weer word die Skepper agter die skepping geëer en gedank” (Boonzaaier, 2002:104).

Die Gaia-hipotese is veral gewild onder die *New Age* beweging, waar Gaia verwys na die wêreld as moederaarde met die klem op moeder en die aarde as ‘n soort heilige, magiese

voorsiener (vernoem na die Griekse goddin Gaia wat die personifikasie van die aarde is). Daar moet verhoed word om so naturalisties te wees dat die wêreld goddelik gemaak word en aanbid word nie. Die mens se rol is onderliggend aan die van God en die opdrag is "*primatus inter pares*"; dus, God is eerste (Conradie, 2011:81).

Alle mense, Chistene of nie, moet rentmeesters wees, en die antropogeniese fokus is eintlik absurd aangesien die wêreld lankal reeds sonder die mens bestaan. Oikoumene is God se huis en sluit in diere, plante, vee, voedselsekerheid, kleding, meubels, bure, besoekers, vreemdelinge, energieverskaffing, watervoorraad, tuine, bome, blomme en grond, ensovoorts in (Conradie, 2011:115).

Die vernietiging van die natuurlike omgewing, "ecocide" roep uit na geregtigheid in die omgewing. Ekologiese etiek het daarom 'n belangrike onderwerp geword en moet deel wees van die Christelike Etiek. Die negatiewe persepsie wat mense en Christene koester omtrent die omgewing (gegrond op White se artikel) moet verander en 'n omgewingsetiek of ekologiese etiek moet nou voorrang kry om so te sorg dat God se skepping behoue bly. God se skepping was uit niks, alles "was goed", en die goedheid in God se oë het God se glorie en wysheid getoon. Die verhouding tussen God en die skepping word gemanifesteer in die goddelike bewaring en die wêreld se soewereinitieit. God se krag word getoon (Han 17:25-28 en Jer 5:24), en God herstel die skepping na die sondvloed. Daar is geen Bybelse gronde om aan te neem dat God nie in God se skepping teenwoordig is nie en dat die mens die reg het om die natuur uit te buit nie. Party mense sou graag monopolie oor die aardse bestaan wou hê, en party sal redeneer dat aangesien God in beheer is, waarom dan word die vernietiging van die aarde toegelaat? Dit is alles die mens se toedoen as gevolg van die sonde (Vorster, 2017).

### 4.2 Die mens en die skepping

Die feit dat die mens en dier uit dieselfde klei en grond geskep is as al die ander skepsels volgens Genesis 2, maak ons 'n integrale deel van die skepping. Daarvolgens moet ons in en nie net deel van die skepping funksioneer nie.

Die kulturele mandaat wat gegee is (volgens Gen 1:28 en 2:15) in die Tuin van Eden waar die mens moet werk en die skepping onderhou, kry ons ook in die vloed met die

opdrag aan Noag. As gevolg van verkeerde persepsies, aangehelp deur White (1967), moet die uitgangspunt verander word om eerder te dien. Die Christelike konsep van diensbaarheid, soos Christus diensbaar was, moet as voorbeeld in ons rentmeesterskap duidelik word (Vorster, 2017).

### 4.3 Etiese Perspektiewe

"Ecocide" word nou 'n universele etiese probleem. Die WRK het reeds in 1987 aangedui dat dit 'n sosiale probleem is. Die Evangeliese Lutherse stellings voeg eenstemmig by dat daar vir die skepping gesorg moet word. Die Oosterse Ortodose tradisies verkondig ook die etiese uitdaging vir die mensdom wat verby enige antroposentrisme beweeg na 'n meer eko-sentriese uitgangspunt.

Die wetenskap behoort nie die natuur uit te buit nie en 'n antroposentriese toepassing kan nie ten koste van die natuur nie geduld word. Volgens Vorster (2017), kan die wetenskap toegepas word, en steeds tot voordeel van die mens strek sonder 'n nadelige invloed op die omgewing. Jong wetenskaplikes moet sien dat die mens daar is vir die skepping en nie die skepping vir die mens nie. Die mens is gelyk aan die skepping, waar die skepping as 'n gawe beskou moet word, en dit met dankbaarheid en ontsag behandel moet word. Doodeenvoudig omdat die skepping aan God behoort (Ps 24:1; 50:10-12).

Daar moet dus 'n Teosentriese benadering gevolg word. Die voordeel wat die mens sou kry uit die aarde sou beteken dat die aarde gebruik word vir sy goedheid en skoonheid en dit waardeer word, en ook om aan noodsaaklike behoeftes te voorsien, wat nie uitbuiting insluit nie. Die vereering van God en Sy skepping oorskry die belange van die mens en ware rentmeesterskap vind ons in Psalm 8:2 "O Here, onse Here…" (Vorster, 2017).

Die ekologiese uitgangspunt is dus deel van die Christelike geloof en uitbuiting dui op ongeloof en ongehoorsaamheid aan God. Beperkinge op wetenskaplike navorsing en die antwoorde wat die ontwikkeling van nuwe tegnologie bied in sovere die omgewing benadeel word, het geen plek nie. Dit bring twee kwessies na vore, naamlik: 1) Wat is die regte van die mens in hierdie verband; en 2) Wat is die regte van die volgende generasie?

Arm gemeenskappe lewe in haaglike omstandighede waar afvalprodukte en slegte sanitasie deel van hul daaglikse bestaan is. Wetstoepassers doen dikwels min of geen om hul daaglikse situasie te verbeter nie, en sulke mense het geen regte nie. Armoede op sigself dra dus by tot omgewingsuitbuiting, aangesien dit om oorlewing gaan. Dus is dit baie belangrik dat sulke gemeenskappe se situasies aangespreek moet word, aangesien dit ‘n globale probleem geword het. Ons sien duidelik dat die gevolg daarvan ontbossing en uitwissing van spesies, byvoorbeeld die renoster en ietermagog, onder andere, teweegbring (Vorster, 2017). Die uitbuiting van die natuur bring baie geld in en mense gebruik dit om te oorleef, maar die uiteindelike nadeel is veel groter en daarom moet die gebruik van eksotiese diere heeltemal verban en verbied moet word.

Op die manier raak “regte” ‘n probleem omdat regerings nie die nodige voorsiening tref vir al sy inwoners nie. Die industriële ontwikkeling is gevaarlik vir die omgewing en die mens se gesondheid (vergelyk die invloed van Yskor). Volgens ‘n artikel gepubliseer in 2015 is daar bewyse van myne en staalaanlegte wat grootskaalse water, lug en grondbesoedeling veroorsaak met baie gifstowwe wat tot die natuur toegevoeg word (www.groundup.org.za). Die reg tot ekonomiese handel, vryheid van beweging, vryheid van keuse en beroepe mag nie die reg tot ‘n gesonde omgewing oorskry nie. Die reg tot skoon water, voedsel en habitatte vir mens, dier en plante behoort die primêre doel te wees.

Tweedens, hoe sou ons die regte van die volgende generasies beoordeel? Christene het ‘n toekomsperspektief en behoort daarom navorsing te doen oor die uitwerking en gevolge van nuwe en bestaande ontwikkelings. Ongelukkig is besoedeling die gevolg van wetenskapsontdekkings van veral die verlede (die onoordeelkundige mynbou van byvoorbeeld platinum en chroom). Het die ontdekking en implementasie van kernkrag werklik die gevolge daarvan besef, en so ook die verbranding van fossielbrandstowwe wat toenemend ‘n gesondheisgevaar inhou (dink byvoorbeeld aan Chernobyl) in (Vorster, 2017)? Die tegnologie wat die mens se lewe moet bevorder versleg dit inteendeel, veral as na die gevolge van die toepassings en vervaardiging daarvan gekyk word (dink aan die afval van tegnologie bv. ou selfone, batterye en ou rekenaars). Sou die regte van die volgende generasie bevorder word as baie plant en dier spesies uitsterf en besoedeling ‘n toenemende gesondheidsgevaar inhou?

Dus moet alle regerings en lande ‘n goeie “groen beleid” hê, sodat die omgewing beskem kan word. Dit moet deel wees van die wetsontwerp in alle lande soos wat menseregte is, en afdwingbaar wees. So kan individue en diere beskerm word en lande/regerings verantwoordelik gehou word. Regerings en gemeenskappe moet die probleem besef en verby hul weelde kyk en betrokke raak met opvoedngsprogramme en opleiding oor die gevaar waarin die wêreld tans leef. Sodoende kan die nageslag besef wat die waarde van ‘n skoon aarde, parke, plase, dieretuine, berge, riviere, skoon plastiekvrye oseane, tuinmaak en diere is.’n Respek vir alle lewe kan gekweek word (Vorster, 2017).

Sonder enige ingryping en aanpassings in regerings, firma’s, kerke en skole nie, is daar geen toekoms of erfenis vir die volgende generasies nie.

Volgens Conradie se artikel “*Root of Enviromental Destruction in Africa*” (2016), lê die probleem by imperialisme en kolonialisme en dus die sonde. Die omgewingsdiskoers word veroorsaak deur ‘n hoogmoedige antroposentrisme wat ook deur gierigheid en verbruikerswese vergesel word. Nog ‘n kenmerk is geweld en die dominering van spesies asook rasse en geslag (Conradie, 2016:1).

Nog ‘n oorsaak is die agterstand in die agtergrond van sosiale toestande en wêrelsieninge gekoppel aan religieuse gebruike. Ook dit is die gevolg van die sonde. Die invloed wat globale klimaatsverandering op voedselsekuriteit het, kan weer gesien word in ontbossing en verwoestyning. Die druk word vererger deur populasiegroei en verstedeliking wat net uitbrei. Daarmee saam druk op kommersiële landbou. Dit veroorsaak weer verlies aan biodiversiteit wat noodsaaklik is vir bestuiwing wat weer voedselproduksie verseker. Die invloed van die mynbedryf, olie en gasontginning op varswater sisteme is blywend en onomkeerbaar nadelig. Onhigiëniese toestande verlaag die lewenstandaarde van alle spesies (Conradie, 2016:2).

Die armste Afrika samelewings is blootgestel aan afvalsortings en oneffektiewe afvalbeheer. Grootskaalse probleme van ontwikkelende lande as gevolg van lig- en waterbesoedeling, onvoldoende behuising (onder andere weens korrupte regerings), sanitasie probleme, daaglikse soeke na vuurhout (geen infrastruktuur) asook emosionele en politieke konflik rondom skaars hulpbronne (terrorisme in lande) is alles redes wat bydraend is tot die vernietiging van die omgewing (Conradie, 2016:2).

Hoekom word daar nie daadwerklik opgetree teen al die bogenoemde probleme wat selfvernietiging tot gevolg gaan hê nie? Dit is duidelik dat volke en gemeenskappe nie almal dieselfde waardes handhaaf nie, asook nie die regte spirituele benadeing volg nie. Die wetenskap, politiek, ekonomie en tegnologie moet ‘n positiewe en opbouende bydrae lewer, en tog gebeur dit nie. Ons kan dus aflei dat imperialisme en kolonialisme wel ‘n nadelige invloed kan hê omdat daar nie gelyke standaarde aan almal gestel word nie. Baie beweer dat kapitalisme ook ‘n sterk ekonomiese ongelykheid veroorsaak het, maar daarmee saam sosialisme en kommunisme ook. Die produksie van rykdom en gevolge van ongelykheid sal altyd met ons wees as gevolg van die vraag na verbruiking. Die vraag ontstaan wat is die oplossing (Conradie, 2016:5)?

Volgens Conradie, kan ons na drie redes kyk vir die omgewings vernietiging. Eerstens moet ons analities kyk na die agtergrond van die sosialistiese probleem. Tweedens moet daar na die oorsake van globale vernietiging gekyk word wat gewortel is in wêreldsieninge wat uiteenlopend is. Derdens, is dit ook belangrik hoe die probleem ontvang word met die oorsprong uit die sonde. Morele tekortkominge moet aangespreek word soos opvoeding, ekonomiese groei en ontwikkeling. Die mens se antroposentriese neiging, gierigheid (verbruikerswese), geweld saam met dominansie, vervreemding van die goeie en van die aarde is ‘n blywende faktor (Conradie, 2016:3).

Kulturele gebruike is ‘n probleem en daarmee saam die verwagting wat die standaard van die lewe is of behoort te wees, dus die beskawing. Die vraag ontstaan wat die norm vir ‘n aanvaarbare lewe moet wees. Is dit volgens die stedelinge wat lewe in gemak en alles onmiddelik byderhand het en koop by markte, elekrisiteit na vrye lus verbruik, en waar hulle ontspanning die verbruik van kommersiële produkte sou wees? Of sou ons kon sê dat die persone wat op die platteland leef en hulle eie voedsel vir hulle huishouding self produseer, en van son- en of windenergie gebruik maak, ‘n meer omgewings vriendeliker lewenstyl het? Die persoon wat naby aan die aarde lewe en tyd maak vir die natuur en selfversorgend is, sonder uitgebreide landbou sisteme, lewer dan ‘n groter bydrae tot die bewaring van die omgewing. Wat gemaak met die stedelinge of dorpelinge wat bronne en gemak as vanselfsprekend sien? Dit is die gevolg van die industriële revolusie wat onder andere groot groepe mense in een gebied bymekaar laat bly het en so ‘n hele gebied verstedelik het. Daarmee saam groot hoeveelhede afvalmateriaal, energie behoeftes, paaie, huise en die beskikbaarheid van skole, hospitale en

infrastruktuur waarvan mense te afhanklik geraak het. Die vervoer van groot hoeveelhede voedsel en bronne na so ‘n groot groep mense wat saam in ‘n gegewe gebied voorkom het vele ekologiese gevolge. Dit is die gevolg van die industriële ontploffing en werkskepping. Meer mense verstedelik omdat die ekonomiese groei in stede plaasvind (Conradie, 2016:3).

Die oorsaak van omgewingsvernietiging was ook in vorige eeue, maar omdat die bevolkingsgetalle laer was, en so ook die tegnologiese ontwikkeling, was die druk onbeduidend. Met die tegnologiese en menslike ontwikkeling het dit die vernietiging van die omgewing veroorsaak en daarmee saam die uitwissing van baie dier- en plantspesies wat oorbenut word. Die landbou revolusie het gevolg en is gevolg deur die inligtingsrewolusie. Die sogenaamde “silicon valley” geskep deur Apple, Facebook en Google (om net ‘n paar te noem), wat slegs papier besparing teweeg gebring het, maar wat meer skade aanrig deur die vervaardiging van die instrumente, en wat onder andere sand gebruik om mikroskywe te vervaardig het ‘n baie nadelige invloed (Conradie, 2016:5).

Die afgestompheid van die moderne mens waar dit kom by kommunikasie in werklike situasies en die saamwees van families en gesinne word beïnvloed deur die selfoon en rekenaar. Mense het verleer om kwaliteit tyd te spandeer en kan dikwels slegs vermaak word deur tegnologie, rekenaars en selfone. ‘n Onpersoonlike selfgesentreerde generasie ontwikkel.

Die drastiese toename van bevolking, verbruikerwese, en die sofistikasie van tegnologie neem steeds toe en is dus die produk van die industriële revolusie. Daar is soveel produkte waarsonder die mens kan klaarkom en dus die produksie daarvan gestaak kan word. Die landbou en mynwese moet in alle onnodige behoeftes voorsien (Conradie, 2016:5). Die mens beskou sy reg om te mag besit en verbruik meer as die reg van die omgewing. Wat sou die oplossing dan wees? Minder mense op die aarde? Afname in die standaard en tegnologie, wat volgens die mens baie noodsaaklik is? Is die werklike invloed van mikrogolf golwe al vasgestel en so ook die onlangse verskille rondom die 5G implementering? Die toevoeging van groeihormone by diere en landbou om die produksie te versnel en verhoog, is steeds kommerwekkend.

Ons sien dus dat die industriële revolusie aangehelp is met die tegnologie soos die ontdekking van die stoom enjin en daarmee saam is die produksie verewig verander. Die hoofbron van energieverskaffing tans is deur fossielbrandstowwe te verbrand en dit is die hoofoorsaak van globale klimaatsverandering wat weer vloede, droogtes, pandemies wat uitbreek, die smelting van gletsers, ensovoorts veroorsaak.

Die oplossing sou kon lê in die verpligte oorskakeling na alternatiewe bronne van energie met onmiddelikke oorskakeling. Lande wat arm is sou nie die fondse daarvoor hê nie en lande waar die industrieë werk verskaf, sou ook weier, omdat die meeste lande net kyk na die onmiddelikke behoeftes en nie na die groter uiteindelike doel nie. Die een positiewe gevolg van die Covid-19 pandemie was om mense te leer om vir ander uitwegte te soek en aan te pas in 'n nuwe veranderde omgewing. Dit wys dat die mens wel die vermoë besit om te kan verander en aan te pas.

Die koolstof voetspoor van die mens moet verminder. Die ontwikkeling van die Italiaanse Renaissanse in die 16de eeu was die begin van die kapitalistiese stelsel wat ander eise gestel het. Dus is die eintlike probleem die moderne wetenskap en moderne samelewing, wat onnodiglik natuurlike bronne uitput. In sekere dele van die wêreld is plant en diere mak gemaak wat die uitbreiding van stede en dorpe en die verbruikerwese van die mens (soos wapens, karre, elektiese toestelle) tot gevolg het (Sanderson et al., 2002:891).

Is die probleem van omgewingsvernietiging dan gewortel in Judaisme, Christenskap en Islam of enige ander geloof? Volgens Lynn White (1967:1205) is bogenoemde sterk antroposentristies georiënteerd (Gen 1:28) en word die ekologiese krisis veral gekoppel aan Christenskap, soos ook vroeër in hierdie studie bespreek. Om Christenskap egter in perspektief te stel rondom die omgewing is definitief die oogpunt (Deut 22:6; 20:19).

Baie Afrika outeurs lê die probleem ook voor die genoemde gelowe. Die Afrika wêreldvisie is een van "ubuntu", om een met mekaar en die omgewing te wees, alhoewel ons nie regdeur Afrika die "unbuntu" tema kry nie (gekenmerk deur onluste, geweld, hongersnood, die uitbuiting van die patriargale stelsel en misbruik van mense) (Conradie, 2016:7).

As die probleem dus gewortel in sekere gelowe is, en simbole, mites en rituele moet religieuse tradisies definitief in heroorweging geneem word. Christene sien die hoofoorsaak van alles as 'n gevolg van sonde en die vraag oor wat sonde is, aangesien

sekere gemeenskappe dit nie as sonde sien om diere te slag net vir hul galblase of renosters uitgewis word vir hul horings wat volgens die mediese wetenskap geen medisinale waarde het nie. Christene glo dat die oorsprong van die sonde lê in die ongehoorsaamheid aan God en die invloed van die duiwel. Party mense vra hoekom is swaarkry en ongeregtigheid deel van God se skepping? Hoe sien ander mense sonde en wat is sonde vir ander mense? Sonde is gewortel in trots en hoogmoed van die mens en om dus teen God te rebelleer. Die nie-menslike natuur van die omgewing het slegs 'n instrumentele waarde vir die mens maar geen intrinsieke waarde volgens so 'n beskouing nie. Sonde is dus ons weiering tot aanvaarding van wat ons waarde en plek behoort te wees, en om ons gebreke raak te sien. Sonde manifesteer homself op elke terrein denkbaar (Conradie, 2016:9).

Sonde is ook gierigheid en is gewortel in 'n oordrewe verbruikerswese wat selfsug, jaloesie en ego-sentrisme tot gevolg het. Dit kan gesien word as 'n seksuele wellus en oordadige genieting in kos en 'n gebrek aan 'n temperament van tevrede wees. 'n Aanhoudende soeke na geld en gerief. Die omgewings vernietiging is gewortel in die verbruikerwese. So verbruik ons ook ten koste van arm mense/lande en is alles nie vir almal beskikbaar nie. Daar moet dringend gekyk word na verbruikerswese en of dit alles noodsaaklik is, en nie net sosiale status verskaf nie (Conradie, 2016:11-12).

Teenoor verbruikerswese is 'n nodige verandering na matigheid, dus hoeveel en wat is genoeg? Dit wat die media voorhou as 'n aanvaarbare lewenstyl skep verkeerde persepsies. Die gemeenskap is nie in 'n volhoubare omgewing en die verbruikerswese vererger ekonomiese ongelykhede, waar welgesteldes slagoffers word van hul eie begeertes. Verbruikerswese ondermyn deugdes en euwels broei uit en so word gekommersialiseerde, kulturele en religieuse praktyke gebore wat bydra tot afgodery (Conradie, 2016:10).

Gierigheid is gewortel in 'n soeke na meer as wat nodig is, meer besittings as wat benodig en verdien word. Met gierigheid word gemeenskappe se bestaansreg vernietig, en dit is 'n morele sonde. Gierigheid is gebaseer op 'n dwaling dat geluk gewortel is in die opbouing of verbruiking van dinge, die begeerte om op te gaar. Ons smag na dinge wat ons nie benodig en werklik geniet nie. Hebsug noem ons ambisie en opgaar noem ons omsigtigheid. Gierigheid word genoem industrie. Ons as Christene moet die gierighied

verwerp wat ons dinge laat vergader wat “mot en roes vernietig” volgens Matteus 6:19 en 20 (Conradie, 2016:12).

Die beeld van die Amerikaanse droom skep ‘n wanpersie en word as die normale beskou en die armste mense begeer die lewe. Hoop word dus wat geld kan koop, ‘n malle gejaag om te besit in terme van materiele dinge (huise, grond, karre ens).

Vir Christene wat ‘n eko-teologiese uitgangspunt volg is sonde die oorsaak van die probleem. Die tekort aan opvoeding, en dus morele mislukking, asook die gevolg van sonde, en die onvermoë om die tien gebooie te onderhou, is die oorsaak. Die mens sien redding in ekonomiese groei. Die hoofprobleem is die mens se ontkenning en onkunde en die mens wil ‘n oneindigende ekonomiese groei hê wat onmoontlik is in ‘n eindigende planeet. Ekonomiese ongelykheid is steeds ‘n probleem (Conradie, 2016:14). As een voorbeeld van ‘n etiese perspektief vanuit Christelike ekologiese etiek waar die konsepte van heerskappy, rentmeesterskap en opsigterskap soos in hierdie studie bespreek ʼn bepalende rol speel, word daar in die volgende afdelings enkele gedagtes rondom die mens se koolstof voetspoor gedeel.

## 4.4 Die mens se koolstof voetspoor: Enkele gedagtes

Een van die grootste bydraende faktore tot die ekologiese krisis is die mens se koolstof voetspoort (Conradie, 2016:5). Volgens wetenskaplike toepassing verbruik die mens van die netto primêre produktiwiteit (groen plante) oor die 40% wat elke jaar geproduseer word. Die mens verbruik 35% van die produktiwiteit van die oseaniese rak, asook 60% van die varswater bronne. Die wêreldbevolking in die 21 ste eeu lei tot ’n omgewingskrisis.

Indien die hedendaagse tempo van bevolkingsaanwas sou voortgaan sal dit vier aardes neem om ons verbruikersvraag van die huidige bevolking te dra. Landbou grond word verander na voorstedelike ontwikkeling wat lei na stedelike ontwikkeling. Verstedeliking het ’n nadelige invloed op die direkte omgewing (Conradie, 2016:1). Landboukapasiteit of die dravermoë van die omgewing neem af.

Verskeie ander problematiek kom na vore wanneer daar na die mens se koolstof voetspoor gekyk word. Ekosisteme word vernietig as gevolg van grondhervorming soos landbou, paaie, treinspore, weiding, geboue en toenemende voedselproduksie. Spesies word daagliks vernietig as gevolg van habitatsvernietiging en toenemende afvalproduksie, asook die jag van wilde diere.

Een van die mees bekende gevolge is globale verwarming. Globale verwarming is die uitvloeisel van blootstelling aan ultraviolet radiasie.

Wat sou ŉ moontlike oplossing kon wees? Die bewaring van ekosisteme, en die herbekendstelling van spesies in landskappe. Om in gebiede met minder mense groter vlak van bewaring te hê. Om die vernietiging van woude en bosse te verbied en byvoorbeeld om koffie plantasies in reeds verwerkte grond te kweek. Samewerking van regerings en streng wetgewing met groot strawwe. Pogings om omgewingswaardes te verhoog en die gebiede wat nog ongeskonde is te bewaar met 'n wettige toegepaste wetsontwerp. Om menslike afval beter te bestuur en herwinning verpligtend te maak. Biome en wild moet ten alle koste bewaar word, saam met die verbod op onwettige handel in enige eksotiese diere en of plantspesies as voedsel of troeteldiere. Die skep van byvoorbeeld landboubosse in koffie plantasies kan voordelig wees. Sodoende word die koolstofvlak beheer wat die kweekhuisgasse verminder en klimaatsverandering probeer vertraag. Daar moet klem gelê word op kleiner porsies en minder voedselsoorte, die bekamping van vermorsing, eko-vriendelike krag, kwota's by visvang en om 'n balans te kry in die hoeveelheid mense woonagtig in 'n sekere gebiede (Sanderson et al., 2002:892).

Die mens se koolstof voetspoor onderstreep ook die feit dat die mens deel is van 'n ekologiese dimensie. Daarom moet ons besef dat die aarde aan ons gegee is as 'n geskenk en bly steeds God se eiendom!

Die impak wat die mens op die omgewing het, is ook duidelik sigbaar in die uitbreek van ongeneeslike siektes deurdat die mens inmeng in natuurlike habitatte en onnatuurlike voedselbronne gebruik. Eksotiese diere word as voedsel verbruik en infeksies ontstaan omdat die mens die natuur versteur. Ekologiese inmenging wat skadelik vir die mens en natuur is en eties nadelige gevolge het, sien ons in die uitbreek en gevolge van pandemies. Dit is die direkte oorsaak en gevolg van die mens en die wetenskap wat

eksperimenteer met gevaarlike virusse en bakterieë. Sommige sou beweer die mens gebruik die biotegnologie as wapens om onetiese populasiegroei toe te pas. Die hoop om wel die oorsaak van gevaarlike pandemies op te spoor bestaan steeds.

### 4.5 Gevolgtrekking

Sommige perspektiewe oor die gewortelde redes vir omgewingsvernietiging is bespreek in hierdie hoofstuk, gegewe verskillende kulturele sieninge oor sonde. Daar is egter steeds vele onbeantwoorde vrae, veral in terme van die mens se koolstof voetspoor as ŉ kwessie vir Christelike ekologiese etiek: Sou ons kon sê dat die probleem grootliks lê by bevolkingsgroei en die onnatuurlike vlakke van verbruik of die impak van die industriële tegnologie? Lê dit by ontwikkeling of ‘n tekort aan ontwikkeling? As daar dus voor-die-hand-liggende perspektiewe is, moet daar ‘n behoefte aan sosiale verandering volg (Conradie, 2016:17).

Christene kan nie onskuldig pleit in hierdie verband nie, en moet besef hulle het ‘n bydraende skuldlas in ons gebroke verhoudings met die mens en natuur. Ons gebroke verhouding met God is bydraend tot ons skuldlas. Sonde is dit wat verkeerd is met die wêreld! In die nadenke rondom die mens se koolstof voetspoor, maar ook ander kwessies in ekologiese etiek en breër vraagstukke wat aangeraak word in die veld van Christelike ekologiese etiek, kan die konsepte van heerskappy soos bespreek in die tweede hoofstuk en opsigterskap en rentmeesterskap soos bespreek in die derde hoofstuk, dan van besondere waarde wees. Heerskappy wat nie verstaan word as die oorheersing en uitbuiting van die skepping nie, maar in terme van die beeld van God as Koning en die mens geskape na die beeld van God, en waar die mens se beoefening van mag verstaan word as ŉ kreatiewe uitvoer van mag *binne* die skepping eerder as *oor* die skepping, plaas ŉ bepaalde verantwoordelike op die mens. Wanneer die mens as opsigter en rentmeester oor die skepping, in terme van ŉ wegbeweeg van ŉ antroposentristiese verstaan ten gunste van ŉ Teosentriese verstaan van die verhouding tussen God en alle skepsels en alle aspekte van die skepping verstaan word, word hierdie verantwoordelikheid dan ook gekwalifiseer in terme van geregtigheid. Die vraag aan die begin van hierdie hoofstuk was wat God van die mens verwag in die skepping. Binne die konteks van Christelike ekologiese etiek en met die verstaan van die konsepte van

heerskappy, opsigterskap en rentmeesterskap soos bespreek in hierdie studie, plaas dit dus 'n bepaalde verantwoordelik op die mens, en meer spesifiek, die verantwoordelikheid om met die skepping en al God se skepsels, menslik en nie-menslik, op te tree met geregtigheid.

# HOOFSTUK 5

## Slotopmerkings

In hierdie studie is die vraag hoe ons die rol van die mens in die skepping vanuit 'n Christelik-gereformeerde perspektief kan verstaan binne ekologiese etiek, en hoe dit die manier waarop ons met die skepping omgaan beïnvloed, bespreek. As deel hiervan is onderliggende vrae ondersoek soos hoe die tema van heerskappy verstaan kan word; hoe die rol van die mens as opsigter en rentmeester verstaan kan word; wat die implikasies hiervan is vir 'n Christelik-gereformeerde ekologiese etiek; en ter samevatting, watter bydrae teologiese refleksie op die mens se voortbestaan kan lewer?

Soos ook vroeër aangedui, is daar 'n ekologiese krisis op hande. Daar moet meer klem gelê word op die intrinsieke waarde van ander organismes en hul waarde in God se skepping. Die neiging van die mens om aanspraak te maak as die opperheerser moet verander. Die mens is ook slegs 'n skakel in die skepping en hierdie besef dwing ons om te verseker dat die harmonie van die natuur herstel word. Wanneer die skeppingsverhaal bestudeer word kan ons sien wat dit beteken om deel van die skepping en al God se skepsels te wees en nie apart nie, en dat die hele skepping 'n verhaal is waarin die mens slegs 'n bydraende rol en nie die hoofrol vertolk nie. Die rol van opsigters en rentmeesters vervang die heersende dominerende rol en verskuif die klem na versorging en beskerming. 'n Sterk ekologiese etiese benadering moet gevolg word, veral waar Christene met groter omsigtigheid na God se skepping moet omsien. Die skepping behoort aan God, maar die mens as toesighouers is besig om die wêreld en die toekoms te vernietig.

Die hele skepping sien met afwagting uit na 'n vervulling en vernuwing. In die proses om die einddoel te behaal sal die mens 'n groter ekologiese etiese benadering moet volg, waar die opsigter en rentmeester verhouding meer prominent sal moet word en die konsep van heerskappy en antroposentrisme minder belang geniet.

Nadenke oor die skepping handel nie slegs oor die verlede en hede nie. Die herskeppingswet van Jesus Christus sal voltooi wees met die nuwe hemel en nuwe aarde, waanneer alles na die eindpunt toe beweeg. Deur Jesus Christus se

herskeppingswerk is ons in ‘n nuwe verhouding met God as gevolg van God se regverdiging en redding (2 Kor 5:17). Lewe in die herskeppingsperspektief beklemtoon Christelike liefde en dien as ‘n riglyn vir etiese gedrag, dit wil sê respek en liefde vir ons naaste, die wêreld en natuur. Dus ons kan ons ‘n lewe leef volgens God se Wet en ook om God te verheerlik.

Die mens misluk met ons pogings tot ‘n nuwe volmaakte einde, deurdat die mens se etiese gedrag misluk as gevolg van ons inherente keuses wat gewortel is in sonde (Vorster, 2017). Die mens kan hoop op die volheid van God se skepping. Hoop bring ‘n lewe van verwagting dat alle ellende en swaarkry sal eindig en so ook dat die skepping ‘n volmaakte einde sal bereik. Daarom moet etiese gedrag hoop lewendig hou, en dit sluit liefde in. Soos liefde ‘n gebod in die lewe van die mens is, so is hoop ‘n etiese aksie in Christelike etiek (Vorster, 2017).

Hoop is noodsaaklik veral in ‘n gees van hopeloosheid, veral nou in die pandemie tyd en veral vir die onderdruktes, veronregtes en armens. Die lewe wat God gee is ‘n lewe van ewigheid, dus ‘n lewe van onvolmaaktheid na volmaaktheid. Daarmee saam kry ons ‘n blywende soeke na die beste uiteinde deur alles, en weet ons dat die perfekte lewe oppad is. Etiek gee nie ‘n resep vir ‘n wêreld sonder onreg en onverdraagsaamheid nie. As Christene sal ons daarom ‘n stryd hê en beginsels soek en vaslê om sodoende elke dag se kwessies te kan hanteer (Vortser, 2017).

Volgens Ortega en Gasset in (Vorster, 2017) is die beginsel van die lewe as ŉ taak belangrik. Die eskatologiese perspektief van diskontinuiteit gee ‘n oorsig vir die tydelikheid van etiese besluite en die motivering vir die ondersoek en herondersoek na antwoorde. Deur die geskiedenis van Christelike etiese teorieë blyk dit dat teoloë verskillende paradigma’s, teorieë en beginsels van die tyd gehad het.

In die lig van die 21e eeu en deur na die Bybelse konsep van lewe te kyk, het Christene ‘n beter begrip van ons kontemporêre etiese roeping omtrent menseregte in die moderne wêreld. Die paradigma “lewe” is relevant in menseregte omdat dit gaan oor die kwaliteit van lewe vir individue. Die hedendaagse bonatuurlike klem wat op menseregte geplaas word, word uit verband getrek ten koste van die regte van alle lewende spesies. Die regte benadering tot menseregte is en moet verklaar word teen die agtergrond van fundamentele temas in die Bybel en wat daardeur die eskatologie van die hele skepping

bewaar. Dus dit wat die essensiële boodskap van die Bybel vir die toekoms is (Vorster, 2017).

Die mens in die lig van die skepping en bemoeienis met die lewe en die eskatologie moet bemoeid wees ook met die skepping as eerste prioriteit. Dus moet menseregte egter eerder "skeppingsregte" wees. Menseregte is daar vir die mens, maar "skeppingsregte" is regte, gegee deur God vir alle wesens, ook omdat God dit toelaat en toegelaat het. Die mens se fokus op ons geskapenheid *imago Dei*, na God se beeld, het verander na die sondeval. Die mens is met die sondeval verwyder en ongehoorsaam aan God en so het die beeld verdraai en verander (Vorster, 2017).

In die lig van die eskatologie rakende die komende Koninkryk van God, is daar ook geen verwysing rakende die politiese taak van Christenskap as bydraend tot die gemeenskap van vrede en regverdiging nie. Die regverdiging behoort 'n teokrasie te wees en politieke beplanning moet Bybelse wette reflekteer, veral die tien gebooie van God. Die skepping is dus ook 'n deel van die Koningkryk van God wat kom (Vorster, 2017).

Ons behoort gerig te wees op die onsigbare dinge wat kom en daarom is die eskatologie deel van die teologie wat vermoeid is met die "laaste dinge". Dit wat sal gebeur in die toekoms met beide die mens en die skepping. Kolossense 1:13-20 wys daarop dat God betrokke is by die skepping en dit is 'n voortdurende proses. Wie is die mens dan dat ons self wil bepaal watter lewe en wanneer 'n lewe meer of minder belangrik is (Horton, 2018). God bly gemoeid met sy skepping (Psalm 104).

Ons weet dat die toekoms in God se hande, lê en nie net in die mens sin nie, en ons beleef dit as 'n geskenk van God aan ons. Die mens is besig om sy verantwoordelikheid nie na te kom nie en dit te misbruik. Die mens lewe in 'n vervloekte aarde vanaf Genesis 3, en ons oorlewing is gegrond op God se belofte aan Noag, gegee vir die mensdom met die sondevloed. Alle lewe word onderhou deur God se belofte gegee aan Noag. Die belofte volgens Genesis sluit alle lewe op aarde in (Wright, 2010:56)!

Die universele sekerheid van God se belofte is daar, maar die mens bederf alles met gierigheid en vernietiging. Die skepping is nie net 'n weggooibare agtergrond vir die mens nie. Ons is nie verlos uit die skepping nie, maar deel van die skepping self. Ons versorging van die skepping is gemotiveer deur die feit dat God geskep het en ons beveel het om daarna te kyk, maar ook dat dit verlos is deur Jesus Christus. God se verlossingsplan

sluit God se skepping in. Paulus skryf in Romeine 8 wat God se groot visie vir die toekoms is (Rom 8: 19-23). In Kolossense 1:15-23 skryf Paulus van die hele skepping wat verlos word, en in vers 16 lees ons van “alle dinge in die hemel en op aarde”. Alle skepsels word dus verlos. Paulus verbind duidelik die feit dat Christus, die skepping en die Seun van God daar was voor die skepping in vers 17. Vers 16 bevestig Christus as die bron van die skepping en van die heelal. Vers 15 bevestig Christus as die eerste begunstige en vers 17 hou God alles instand. Vers 20 praat van die reddende krag van die kruisdood en die verlossingsaksie. Die bloed van Christus versoen die skepping van God nie net met die sondaar nie, maar “alle dinge” (Wright, 2010:59).

Beteken die vuur van verwoesting dat die hele skepping uitgewis sal wees? Of is dit ‘n parallele verwysing na hoe die wêreld soos in Noag se tyd met water verwoes was (2 Petrus 3:6-7)? Die vloed het nie die hele planeet vernietig nie, net die gedeelte wat deel van die sonde en rebellie was. Kan ons dus beweer, met die finale oordeel, dit die hele wêreld vernietig sal word of net die deel waarvan die sonde en rebellie van die mens deel was, en dit wat verwoesting en sy nalatingskap veroorsaak het (Wright, 2010:65)?

Die ekologiese aktiwiteit as Christene is beide ‘n skeppingsaksie en ’n verlossingsaksie. Dit is ‘n misiologiese respons op wat die Bybelse teologie ons leer oor God se doel vir die skepping tot aan die einde toe! Die verhaal in die Bybel begin by die skepping en eindig by die nuwe skepping. Die vraag is waar pas ons in, waar is ons, en wie is ons as deel van God se skepping?. Wat is die kosmos proses waarin ons onsself bevind? Waar kom alles vandaan? Wat beteken dit om mens te wees? Is ons gode of net diere wat bietjie meer ontwikkel het? Met die sondeval was daar rampspoedige gevolge, en fisies is ons blootgestel aan agteruitgang en dood en ook so is die omgewing deel van God se vloek as gevolg van die mens (Wright, 2010:65).

Die mens het die vermoë om intellektueel ons eie boosheid te normaliseer, veral ook in terme van menseregte. Sosiaal is verhoudinge verbrokkel en spiritueel is ons vervreemd van God (Romeine 1:18-20). God kies egter om Sy skepping en skepsels nie te verwoes nie, maar tot redding te bring (Wright, 2010:66).

Die regte van mense as prioriteit moet daarom deur Christelike Etiek sensitief hanteer word, insovere dit gaan oor omgewingsake en emosionele vrae van diereregte. Met die sondeval is alles, en so ook die fisiese omgewing, geaffekteer (Gen 3:17). Hoe die

sondeval presies die natuur beïnvloed het sal mens seker nie ten volle weet nie. Die mens is deel en afhanklik van die natuur en daarom is die ontwrigting van die mens ook op die natuur van toepassing. Die sondeval het die mens se harmonieuse verhouding met die natuur as vyandig beleef, en daar is elemente van stryd en geweld in ons verhouding teen die natuur (Genesis 3:15; 17-19 en 9:2). Die driehoek van verlossing tussen God, Israel (en sy grondgebied), en die mensdom (tesame met die aarde), is die geskiedenis van die mensdom op die aarde. Die herstel van alles deur die geskeidenis is ook deel van ‘n hernude skepping, wat eggo vanaf die tuin van Eden in sy skoonheid en oorvloed (Wright, 2004).

Dus kom Israel se eskatologie ooreen met God se uiteindelike doel. Deel van God se oorspronklike perfekte doel is ‘n goeie en perfekte aarde. In byvoorbeeld Eksodus met die uittog uit Egipte het God die see gebruik as oorwinning oor Egipte, waar die Farao ‘n vyand van die volk van God was. God demonstreer sy Goddelike Koningskap en opperheerskappy oor die skepping deur God se volk te verlos. Jesaja 65: 17-25 verwys na God se nuwe skepping as vreugdevol en vry van dood en onheil, besaai met lewensvervulling, vry van vloeke, vry van mislukte oeste en is omgewingsveilig (Wright, 2004).

Dit is die basiese hoop van die Nuwe Testament, sodat ons met ‘n toekomsverwagting kan uitsien na ‘n hernude skepping. In Romeine 8:18 lees ons dat die regverdige sal woon in ‘n toestand van reiniging wat na die oordeel plaasgevind het (2 Pet 3:10-13), saam met God wat saam met sy mense sal woon en beweeg. Die glorieryke aardse Bybelse hoop voeg ‘n dimensie by tot die ekologiese etiek en al sy fasette. Daarom moet ons vooruit kyk na ‘n nuwe skepping. Die doel en insig lê in die mag van God om alles te laat plaasvind. Alle aspekte van Bybelse eskatologie, waar ons hoop van God afkom, en hoe dit ons lewens ook affekteer is afhanklik van God (Wright, 2004).

In 2 Petrus 3:10 lees ons dat die aarde sal verbrand en dit verwys ook na ‘n ontblote en barre landskap waarin die oordeel van God oor die bose en hulle werke openbaar sal word. Die doel lê juis daarin, en nie soseer die vernietiging nie, maar suiwering as deel van die nuwe skepping. Die fisiese en ekologiese karakter van die Bybelse visioene van verlossing en redding gee hoop vir die herstel van ekologiese harmonie. Daarom is sosiale en morele impak tot die ekologiese krisis nodig. Die wat God soek en God eerbiedig en ook God se doel nastreef sal ook produktief en regverdig wees met menslike

gelykheid en billikheid teenoor morele orde. Volgens Esegiël sal die droogste woestyn lewe kan voortbring en sal droeë bene hul Skepper loof. Volgens Francis Bridger (in Wright, 2004) sal die eskatologiese oriëntasie ons ekologies bewus maak om nie net menslik georïenteerd te wees nie, maar ook kosmologies en sal die aarde uiteindelik aan God behoort in Christus.

Die primêre argument vir ekologiese verantwoordelikheid lê in die verbinding tussen die ou en nuwe skepping. Ons is en word rentmeesters, nie net opgrond van die opdrag in die tuin van Eden nie, maar ook as gevolg van ons oriëntasie tot die toekoms. Ekologiese etiek is daarom nie net antroposentries nie, maar getuig van die regverdigende aksie van God in God se skepping en verlossing (Wright, 2004).

God sal ‘n nuwe orde in die skepping en aan die einde teweegbring. Menslike eise tot soewereiniteit is relatief aangesien dit God se wêreld is en al ons pogings is nie direk bydraend tot die konstruksie van die “utopia” nie, maar dat die mens eerder sy eie brûe bou tot die Koningkryk, waar daar eerder nederigheid verwag word asook etiese gehoorsaamheid. Die hele aarde is ‘n geskenk van God vir die mens en is ook onder God se eienaarskap. Dus moet die menslike verhoudings met die res van die skepping, en veral met die natuur en diere tot ‘n ander perspektief kom. Ons het egter die planeet so verwoes, meer as enige ander nasie of antieke volk (Wright, 2004).

Christelike hoop gee die basis vir ‘n eskatologiese benadering en ons lees dit ook in Jesaja 40:3 en Openbaring 21:3. Volgens John Haught (in Conradie, 2011:101), is die mens die oorsaak van die finale verwoesting en hy vra waarom wil die mens dit bewaar wat onvermydelik is, en dit wat ons eindbestemming is? Volgens hom is daar nie hoop nie, en die lewe bly ‘n stryd vir oorlewing, soos byvoorbeeld in Afrika sal dit moeilik word om weerstand te hê teen omgewingsvernietiging. Dus een van die gevolge van omgewingsvernietiging lei tot ‘n gevoel van wanhoop (Conradie, 2011:101).

In Conradie (2011:101), sê David Hallman: ”Die probleem van ekologiese verwoesting en globale verwarming veroorsaak ongekende wanhoop”. Sonder hoop is daar geen vreugde, liefdevolle versorging en sosiale, asook ekologiese verantwoordelikheid in ‘n fisiese lewe nie. Wanhoop laat mense glo dat aksies en handelinge futiel is. Slegs ‘n aanhoudende vaste hoop kan bydra tot versorging van die aarde (Conradie, 2011:101).

Hoop is ‘n belangrike kommoditeit. ‘n Eskatologiese benadering tot Christelike “earth keeping” fokus op ‘n visie vir die toekoms, tot ‘n ekologiese transformering van die gemeenskap. Alles op grond van God se beloftes. Dus gekombineerd met beskermde heiligheid en toekomsgerigte belofte en visie is alles belangrik vir ekologiese praktyk. Daar is natuurlik slaggate, party kritisi sien in die profetiese visie vir ‘n beter toekoms ‘n probleem (Conradie, 2011:101). Kritici beweer Christen eskatologie ondersteun vorme van ontvlugting en anderwêreldsheid wat nie toegewydheid tot die aarde aanhelp nie (Conradie, 2011:101-102).

Waar is die hoop tussen al die wanhoop? Sluit Christelike hoop ook hoop vir die aarde in? God se geskiedenis in die skepping is ‘n toenemende en aanhoudende gebaar. Die outentieke lewe van Christelike geloof is hoop en die vervulling van God se beloftes gebaseer op die ondervinding en beloftes in God as die Beloftehouer vervul in Jesus Christus (Conradie, 2011:103).

Om dus die natuur te vernietig is om weg te beweeg van God se belofte. Volgens Conradie (2011:103), lê die sleutel tot eskatologiese benadering in die erkenning dat die aarde ons een en enigste habitat is, maar nog nie ons woning nie. Spanning kan ontstaan tussen ‘n habitat en ‘n woning. Die huis of woning verteenwoordig God se “oikos”, en daar beweeg en woon God saam met sy mense. Ons habitatte is tans in ‘n ellendige toestand en ons ervaar God net gedeeltelik (Conradie, 2011:104).

Christelike hoop is daarin dat ons nie noodwendig die habitat sal ontvlug nie, maar dat God se huis hier gestig sal wees. In Openbaring 21 lees ons: “op die aarde soos in die hemel”. In ons voorbereiding vir God se koms word daar verantwoordelikheid vereis. Die aarde is dus deel van die voorbereiding vir God se koms en komende glorie!

Die lewe hier is dus die tuiskoms vir Christus se wederkoms. Die reis is net so belangrik soos die bestemming (Conradie, 2011:104). ‘n Eskatologiese visie verwag bekering, ommekeer en eksistensiele besluitneming. Ons moet gereed wees om God te ontmoet, en die aarde is die “venue”. ‘n Eskatologiese visie roep na bekering. Aangesien die aarde die “venue” sal wees, moet dit dus daarom voorberei word en geheilig word vir God se komende glorie (Conradie, 2011:104).

Die voorbereiding vereis herstel en restitusie. Die sabbatsjaar vir die wêreld of die jubeljaar is dus noodsaaklik om die aarde kans tot voorbereiding te gee. Daarom moet

ons verantwoordelik wees en wakker wees vir die krag van God se Gees, en ‘n sabbatsjaar houding inneem teenoor die skepping sodat dit kan hestel en groei. Daar moet geplant, geoes word, voedsel geproduseer word en bronne spaarsamig gebruik word. Die behoeftiges moet gehelp en versorg word (Conradie, 2011:104).

### 5.1 Gevolgtrekking

Dit is dus duidelik dat Christene die leiding moet neem in die versorging van die skepping. Ons het diepgaande redes daarvoor, as gevolg van ons geloof en wêreldsieninge. Die omsigtigheid waarmee daar na die skepping gekyk word, is meer as net ‘n selfgesentreerde siening van “anders gaan ons die gevolge van die slegte aarde dra”. Daarom soek Christene en verlang hulle na ‘n aarde wat die “groen” stempel dra en waar omgewingsbewustheid voortleef en ons voorstanders is van teenkanting teen vermorsing van energie en skadelike energie verskaffings. Vermindering van die koolstof voetspore wat deur die mens veroorsaak word, is noodsaaklik. Om as stryders op te tree vir sirkulering en hersirkulering en die voorkoming en vermindering van besoedeling na te streef. Om polities en ekonomiese inisiatiewe te propageer wat die omgewing beskerm (vergelyk jeugdiges soos Greta Thunberg). Om veral paraat op te tree teen vernietiging van die bronne, plante en diere. Dit moet ‘n daaglikse strydende taak wees en word.

Om die regte van alle lewende organismes te beskerm is noodsaaklik. Die reg van bestaan en die reg op ‘n skoon omgewing met genoeg bronne en die reg van plante en diere om te floreer in ‘n habitat wat bydraend tot hulle lewe is belangrik. Om die uitbuiting van spesies te verhoed en veral die oorbenutting van toekomstige toenemende bedreigde plant en dierspesies te beveg.

Ons het dus ‘n ekologiese doel. Is dit gepas om Bybelse teologie toe te pas op ons hele uitgangspunt oor die lewe? As ons die Handves van Menseregte bestudeer sal ons ‘n sterk Bybelse invloed daarin kry. Daarom word mense geroep en gestuur deur God vir ’n spesifieke werk en om so vir God se skepping te sorg. Mense word gebruik deur wetenskaplike navorsing te doen, omgewingsbewaring te beoefen en ‘n strydende benadering te volg van koester, bewaar en versorging.

Ons sal dus die stryd in Jesus Christus stry en met liefde God se skepping versorg, nie net omdat dit as Christene van ons verwag word nie, maar omdat dit aan God behoort. Asook die feit dat ons God liefhet en alles liefhet wat God geskape het. God se woning is ‘n geskenk vir ons en omdat ons die prag en skoonheid van God se skepping sien en waardeer en God beleef in God se skepping wil ons vrywillig deel wees in liggaam, siel en gees aan God se wêreld. Die Gees van God wat ons beleef in ‘n koel somerswindjie, die goue, rooi en geel sonsondergang. Ons beleef en voel God in die digte, wit en grys wolke en donker donderstorms, en hoekige kristalhelder sneeuvlokkies. Die val van geel en rooi herfsblare, die duining van seegolwe rustig, tydloos heen en weer. Die glinstering van sagte, skaam maanstrale en vorms in die skaduwee van die maan in die nag. Die speel van dolfyne en diere in die duinings van die see en die besige roeringe van miere en goggatjies. Om God te sien en voel in die vroeë oggendgroet van voëls, waarvan God elke mossie tel. Ons beleef God met die wete dat elke haar op ons hoof getel is, en dat ons as mense beplan, maar God beskik. Ons beleef God in die wete dat droogtes deel van die aarde en die sonde is, maar dat God daarin is, en dat ten spyte van pyn, dood, en oorloë God teenwoordig is. Daarom is daar vir die Christen altyd hoop en verlossing en beleef ons geen wanhoop nie! Mag God sy skepping verewig bewaar en vir ons God se genade so uitstort dat ons die voorreg mag beleef om ook saam met die leeu en die lam, die slang en krokodil te mag beweeg, eendag in God se uiteindelike bestemming wat hemel op aarde sal wees, sodat daar geen “skrik” tussen mens en dier mag wees nie.

Openbaring 1:8 en 22:20-21: “Ek is die Alfa en Omega” sê die Here God, wat is en wat was en wat kom, Die Almagtige;

“Ja, Ek kom gou!” Amen! Kom Here Jesus! Die genade van die Here Jesus sal by almal wees.

## Bibliografie


Anderson, K. 1996. *Waar staan dit in die Bybel?* Kaapstad: New Holland Publishing.

Bauckham, R. 2006. "Modern Domination of Nature: Historical Origins and Biblican Critique", in *Environmental Stewardship: Critical Perspectives – Past and Present,* R.J. Berry (red.), pp. 32-50. Londen: T&T Clark.

BBC Nuus, "China restaurant apologises for weighing customers". 15 Augustus 2020. https://www.bbc.com/news/world-asia-china-53792871

Berkhof, L. 2017. *Systematic Theology*. GLH Publising Reprint.

Berry, R.J. 2006. "Stewardship: A Default Position?" in *Environmental Stewardship: Critical Perspectives – Past and Present,* R.J. Berry (red.), pp. 1-13. Londen: T&T Clark.

Boonzaaier, J. 2002. *God, Skepping en Verlossing: 'n Eksegetiese Verkenning van Kolossence 1:13-20*. PhD Verhandeling. Universiteit van Pretoria.

Brueggemann, W. 1982. *Interpretation: A Bible Commentary for Teaching and Preaching Genesis*. Louisville, Kentucky: John Knox Press.

Conradie, E.M. 2016. Penultimate Perspectives on The Root Causes of Enviromental Destruction in Africa. *Scriptura* 115, 1-19. http://d.doi.org/10.7833/115-0-1297.scriptura.journals.ac.za

Conradie, E.M. 2011. *Christianity and Earthkeeping: In search of an inspiring vision*. Stellenbosch: SUN Press.

Coronavirus: Good for the environment/Covid-19 Special. 1 April 2020. Retrieved from http://youtube.com/watch?v=UV*WWW63SdU

Copernicus Air Quality. 13 Maart 2020. Verky vanaf: https://atmosphere.copernicus.eu/air-quality

De Wit, M.P. 2013. Christ-centered ethical behavior and ecological crises: What resources do the concepts of order in creation and eschatological hope offer? *Koersjournal* 78 (1):1-8.

Edwards, D. 2006. *Ecology at the Heart of Faith: The Change of Heart that Leads to a New Way of Living on Earth.* Maryknoll: Orbis.

Erickson, M. 2013. *Christian Theology*. Grand Rapids. Baker Academic.

Gnanakan, K. 2006. “Creation, Christian sand Environmental Stewardship”. *Evangelical Review of Theology* 30(2), 110-120.

Harrison, P. 2006. “Having Dominion: Genesis and the Mastery of Nature”, in *Environmental Stewardship: Critical Perspectives – Past and Present,* R.J. Berry (red.), pp. 17-31. Londen: T&T Clark.

Heidelbergse Kategismus

Hiebert, T. 2000. “The Human Vocation: Origins and Transformations in Christian Traditions”, in *Christianity and Ecology: Seeking the Well-Being of Earth and Humans*, D.T. Hessel & R. Radford Ruether (reds.), pp. 135-154. Cambridge: Harvard University Press.

Horton, D. 2018. *The Portable Seminary* Second Edition. Grand Rapids: Minnesota. Bethany House Publishers. E-boek.

König, A. 2001. *Fokus op die 300 Geloofsvrae wat mense die meeste vra*. NBD Goodwood Wes-Kaap.

Leith, J.H. 1993. *Basic Christian Doctrine*. Louisville: Westminster John Knox Press.

Le Roux, C.S. 2016. “Environmental stewardship as a dimension of a Christian stewardship ethic: Views of seminary students, lecturers and ministers”. *Koers* 81 (2):1-17.

Levering, M. 2017. *Engaging the Doctrine of Creation: Cosmos, Creatures and the Wise and Good*. Grand Rapids: Baker Academic.

Migliore, D.L. 2014. *Faith Seeking Understanding: An Introduction to Christan Theology*. Grand Rapids: William B. Eerdmans Publishing Co.

Moltmann, J. 1985. *God in creation and ecological doctrine in creation*. The Gifford Lectures 1984-1985. Munich: SCM Press LTD.

Northcott, M.S. 1996. *The environment and Christian ethics*. Cambridge: Cambridge University Press.

Sanderson, E.W., Malanding, J., Levy, M.A., Redford, K.H., Wannebo, A.V. & Woolmer, G. 2002. "The Human Foortprint and the Last of the Wild", *BioScience* 52(10), pp 891-904.

Schuurman, E. 2006. 'Struggle in the ethics of technology', Koers 71(1), 155−173.

Simkins, R.A. 2017. 'The Bible, Religion, and the Enviroment', in *Routledge Handbook of Enviromental Anthropology*. Philadelphia: Routledge, pp. 144-155.

Stoker, P. 2006. 'Christian ethics and the concept of creation', *Philosophia Reformata* 71, 132−144.

Vorster, J M. 2017. *Ethical perspectives on human rights*. Second Edition. Potchefstroom: Potchefstroom Theological Publications.

Vos, C.J.A. & Muller, J .1991. *Mens en Omgewing*. Johannesburg. Perskor-Uitgewers.

Wêreldraad van Kerke (World Council of Churches), 2019. *Care for creation and climate justice*. https://www.oikoumene.org/en/what-we-do/climate-change Besoek Nov 2019.

White, L .1967. Historical Roots of the Ecological Crisis. *Zygon*: *Journal of Religion and Science,* 49 (4): 938-948.

Wright, C J H. 2004. *Old Testament Ethics: For The People of God*. Downers Grove. InterVarisity Press.

Wright, C J H. 2010. *The Mission of God's People: A Biblical Theology of the Church's Mission*. Grand Rapids: Zondervan.